DIE O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 28 April 1948 No. 21

Alle politieke kommentaar en berigte in hierdie uitgawe deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad, tensy waar anders vermeld.

# WAAROM O.B. NIE KAN STEM VIR H.N.P.

**Op gesag van die Gebiedsleier van die Ossewabrandwag in Wes-Kaapland word onderstaande verklaring ter motivering van die besluit deur die verteenwoordigende laertrek op Worcester geneem, uitgereik:**

**Diep bewus van die gewigtigheid van die omstandighede het die Gebiedsleier sowel as die Adjunk-kommandant-generaal wat teenwoordig was, hulle daarvan weerhou om die vergadering in sy besluit te beïnvloed deur hul toesprake oor die onderwerp van bespreking voor te behou tot na die besluit geneem was. Die besluit is dus die onbevange uitvloeisel van die gevoel van die verteenwoordigende laertrek en as sodanig kan dit beskou word as die juiste vertolking van die Ossewabrandwag se standpunt in sy breë lae.**

Ons aanvaar, elkeen met die oortuiging van sy gewete, die roeping wat die Ossewabrandwag, as republikeinse Volksbeweging, deur die geskiedenis opgelê is, om die eenheid van die Afrikanervolk wat deur die Britse partystelsel vernietig is, te herstel.

Vir die afgelope veertig jaar het die politieke partye onder mekaar getwis oor die lewensbelange van ons volk. **Die erfenis van hierdie broedertwis is onopgeloste en opgehoopte probleme. Ons glo dat die tyd onherroepelik aangebreek het dat die partystryd teen volksgenote opgehef moet word en dat daar 'n volkstryd aangedurf moet word.**

**Wêreldtoestande versterk ons in hierdie oortuiging. Saam met ons leier verkeer ons diep onder die indruk dat in die aangesig van die uitdaging uit die Ooste dit vanself spreek dat alles wat die blankes en ons volk verdeel as doodsgevaarlik vermy moet word en alles wat saamsnoer nagejaag moet word.**

Daarom verwerp ons vandag meer as ooit tevore die partystelsel met sy verbrokkelingsgrondslag en strewe ons met groot verwagtings vir die totstandbrenging van 'n partylose of eenheidstaat met volks- en beroepsverteenwoordiging.

### GELEENTHEID

Ons het ons vereenselwig met die standpunt van die O.B.-leiding wat gehoop het dat die komende verkiesing 'n geleentheid tot volksamewerking sou bied aan die verbrokkelende nasionaalgesinde groepe in ons land; **en voorts dat hierdie samewerking die weg na eenheid van alle blankes sou baan.**

Daarom was ons bereid om deel te neem aan die verkiesing — vanselfsprekend aan die kant van die nasionale Opposisie.

Die O.B.-leiding wou samewerking bewerkstellig ten spyte van die uitdruklike weiering van die H.N.P.-leiding om met die O.B. saam te werk.

Vir die doel het baie van ons aangesluit by die Afrikanerparty wat 'n ooreenkoms met die H.N.P. het.

**Anders as wat verwag is, het die hoofleier van die H.N.P. en sy onderleiers-in-rade geweier om hierdie saamskakeling van bondgenote te aanvaar. Inteendeel het die H.N.P.-leiding sy vyandskap teen die Ossewabrandwag opnuut beklemtoon en het hy voortgegaan met vervolging van die O.B. selfs tot binne in die hoofbestuur van die Afrikanerparty.**

### ALBEI TEGELYK

Hieruit blyk afdoende dat die H.N.P.-leiding tegelyk 'n stryd voer teen die regeringsparty en teen die Ossewabrandwag. **Dit is derhalwe duidelik dat die H.N.P. die O.B. as 'n bondgenoot verwerp.**

**Hiermee is volksamewerking nogeens deur die H.N.P.-leiding verongeluk, want dit spreek vanself dat die O.B. nie tegelyk bondgenoot en vyand kan wees nie.**

Die stryd teen die Ossewabrandwag word beklemtoon deur die beleid van die H.N.P.-leiding in Brakpan. Hoewel mnr. John Vorster — wat O.B.-lid is — as onafhanklike A.P.-kandidaat die enigste nasionaalgesinde kandidaat teen die Smuts-kandidaat is, **weier die H.N.P.-leiding om sy steun aan hom toe te sê. Wat die H.N.P.-leiding betref, staan in Brakpan twee vyande, en hy steun amptelik nie een van die twee nie.**

### VOORBEELDE TREK

Ons wil hê dat die H.N.P.-leiding onder geen misverstand moet verkeer omtrent die uitwerking wat hul party se verkiesingspropaganda op ons sal hê nie. **Woorde wek, maar dade trek.**

Solank as wat die H.N.P.-leiding 'n Afrikaner soos John Vorster wat drie jaar in die Empire se interneringskamp gelê het terwille van sy Afrikanerskap as 'n bondgenoot in die komende verkiesingstryd verwerp; en solank as wat die H.N.P.-leiding die vriendskap

(Vervolg op bl. 8, kol. 4)

## Mnr. Havenga Se Verklaring

**Mnr. N. C. Havenga het verlede week verklaar dat die H.N.P.-leiding beswaar gemaak het teen die kandidatuur van mnr. John Vorster in Brakpan en dat dit die rede is waarom sy party geen kandidaat stel nie. Vir vollediger berig kyk bladsy ses.**

## DIE VERSKYNSEL IN MARICO

**'n Hele tak van die H.N.P. in Marico, so berig Sapa en ook Die Burger, het die H.N.P. bedank en oorgestap na genl. Smuts, omdat dr. Malan die volk nie kan verenig nie.**

Hierdie stap moet vir dr. Malan 'n ernstige teregwysing wees. Die volk wil eenheid hê. **As die blankedom as geheel dan bedreig word, dan moet die blankedom as geheel saamstaan. Dit, voel die volk, is logies.** Maar dr. Malan veg nie net teen blankes by genl. Smuts nie, hy veg selfs teen nasionaalgesindes op wie se steun hy hom beroep. **Dit voel die volk, is onlogies, en hulle begin te wanhoop aan die rigting van dr. Malan. In hul wanhoop stap hulle oor na genl. Smuts waar hulle prakties sien hoe 'n leier uiteenlopende elemente in een front saamskakel.**

Dis 'n ernstige les vir dr. Malan. Maar daarby hou die les nie op nie: **Indien nasionale Afrikaners taksgewys na genl. Smuts oorstap, vanweë dr. Malan se stryd teen mede-Afrikaners in die O.B., hoe verwag hy sal Engelse van genl. Smuts na hom toe oorstap as hulle sien hoe sy eie mense van sy verbrokkelingsbeleid af wegvlug?**

Maar dr. Malan meen dat hy juis Engelse stemme sal kry as hy teen sy mede-Afrikaners oorlog voer. Die praktyk meen anders.

# WES-KAAPLAND NEEM BESLUIT

## H.N.P. MOET EERS VREDE MAAK

**Onder donderende toejuiging het meer as 800 verteenwoordigers van die Ossewabrandwag uit alle dele van Wes-Kaapland verlede Saterdag op Worcester die volgende besluit met slegs vier teenstemme aanvaar, nadat 'n ander voorstel wat die goedkeuring van die Gebiedsleiding geniet het, die vergadering nie kon bevredig nie.**

**„Hierdie laertrek van die O.B. van Wes-Kaapland spreek sy volle vertroue uit in die leiding van die K.G.**

**„Ons wens onder sy aandag te bring dat dit die gevoel van hierdie verteenwoordigende vergadering is dat die toekoms van die Afrikanervolk vereis dat die verbrokkelingsproses wat volg op die vyandige beleid van die H.N.P. teen mede-Republikeinse Afrikaners onmiddellik stopgesit moet word.**

**„Derhalwe sien die laertrek die weg nie oop nie vir O.B.-lede om hul stem ten gunste van enige H.N.P.-kandidaat uit te bring, tensy (a) die stryd teen die republikeinse organisasie, die O.B., gestaak word, (b) en as bewys daarvan adv. John Vorster onmiddellik as offisiële Afrikanerparty-kandidaat aanvaar word en amptelik deur die H.N.P.-leiding ondersteun word; (c) die O.B. as organisasie erken en aanvaar word as 'n gelykwaardige mede-stryder".**

### SPONTANE GEESDRIF

**Dit was ongetwyfeld die geesdriftigste laertrek wat nog ooit sedert die skeuring van 1941 in enige deel van die land gehou is. Die voorsitter, gebiedsgenl. F. D. du Toit van Zyl, moes telkens die gehoor tot bedaring maan wanneer gevoelens die hoogte ingeskiet het.**

Die mees betekenisvolle feit van die verrigtinge was dat die Gebiedsleier self sowel as die Adjunk-K.G. van die verhoog af nie rigting aan die besprekings wou gee nie, maar die spontane gevoel van die laertrek wou verneem. **Dit is op onmiskenbare wyse gegee.**

Gedurende die etensuur is 'n voorstel deur ds. J. A. Pienaar, in oorleg met die Gebiedsleier, geformuleer as 'n basis vir die bespreking. **Dit wou opening laat aan individuele kandidate om die steun van die O.B. te verkry indien hulle hul teen die diskriminerende beleid van die H.N.P.-leiding uitspreek. Die oorgrote meerderheid van die vergadering wou egter niks van so 'n voorwaarde weet nie, en het geëis dat die verantwoordelikheid op die H.N.P.-leiding self gewerp moet word wat in die eerste plaas verantwoordelik is vir die diskriminasie.**

### 808 TEEN 4

Na baie lang bespreking is 'n komitee aangewys wat verteenwoordigend was van die hoofrigtings van die bespreking, ook die enkeles wat vir 'n versoenende houding gepleit het. **Die komitee het die aangenome voorstel eenparig aanbeveel, en toe die Gebiedsleier dit voorlees, is dit met oorverdowende toejuiging begroet, en by die stelling daarvan het 808 verteenwoordigers, van Mosselbaai tot Upington, op die voete gekom.**

Alle afgevaardigdes moes hul name teken, en daar was 812 teenwoordig.

## BOODSKAPPE

Telegramme van bemoediging van die K.G. en al die Gebiedshoofkwartiere is deur dr. Van Zyl voorgelees. Ook verskeie hoofoffisiere, wat nie aanwesig kon wees nie, het van hulle laat hoor.

**Onder toejuiging het die Gebiedsleier ook aangekondig dat dr. John Hewit van Prince Alfred, 'n Engelssprekende wat die O.B. steun, 'n tjek van £25 aan die O.B. gestuur het om die onkoste van die Laertrek te dek.**

Die O.B.-vroue van Goudini en Worcester het hul reusedeel tot die sukses van die laertrek bygedra deur te sorg vir die voorbereiding van voedsel en verversings vir die meer as 800 aanwesiges. Dit was 'n geweldige taak wat hulle met groot sukses uitgevoer het.

Die Kaapstadse O.B.-blaasorkes, onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel, se opgewekte en lewendige marsmusiek het groot waardering van die aanwesiges uitgelok.

Die laertrek is deur genl. ds. J. A. Pienaar met skriflesing en gebed geopen.

## Bedank Weens Skeurbeleid

**'n Hele tak van die H.N.P. in Marico het uit die H.N.P. bedank as protes teen dr. Malan se beleid om Afrikaanssprekendes van mekaar te skeur. Die besluit is aangekondig deur mnr. N. J. Oosthuizen, voorsitter van die tak. Die besluit, wat deur sestien persone onderteken is, lui onder meer dat „ons na grondige oorweging tot die besluit gekom het dat ons nie langer kan saamstem met die beleid van die Herenigde Nasionale Party nie, daar die beleid 'n skeuring instede van samewerking onder ons Afrikanervolk veroorsaak".**

**In hul verwarring oor die verdeel- en skeurbeleid van dr. Malan, het hierdie mense by die V.P. aangesluit.**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# AGTERGROND VAN VERHOUDINGE TUSSEN O.B. EN H.N.P.

**By geleentheid van die verteenwoordigende laertrek op Worcester het die Voorligtingsoffisier van Wes-Kaapland, genl. W. R. Laubscher, onderstaande oorsig van die O.B.-H.N.P.-verhoudinge gegee soos dit in die afgelope sewe jaar ontwikkel het, en in drie vrae die taak van die O.B. in die komende verkiesing ontleed.**

Dit is eerstens noodsaaklik om op die oorsprong en agtergrond van die O.B. en H.N.P. te let. In die wonderjaar 1938 het die Afrikanervolk 'n moderne en treffende nasionale ontwaking deurgemaak en onder aansporing van hierdie renaissance is begin delf in die historiese skatkamers vir die eie goed van ons volk. **Die O.B. as Afrikaanse volksbeweging het, wat sy inhoud betref verrys as die moderne gestalte van die beskouinge en instellinge van die Afrikaners in die twee Boererepublieke.** Die O.B. is dus gefundeerd in die tradisies en geskiedenis van die republikeinse Afrikanervolk. **Daarenteen het die H.N.P. as politieke party sy oorsprong in die skeppende vermoë van die Britse volk en verteenwoordig uit 'n artikel wat ingevoer is vir Afrikanergebruik deur die veroweraar.**

Toe die O.B. in die fleurjare 1939 en 1940, onder impuls van die geweldige nasionale ontwaking aangegroei het tot 'n magtige volksbeweging, het die H.N.P.-leiers begin vrees dat die party-hierargie die staatsgesag wat hulle probeer verower uiteindelik sal moet afgee aan die volk.

### VOLGENS KARAKTER

In Aug. 1941 het die hoofleier van die H.N.P. gevolglik die Ossewabrandwag tot vyandiggesinde organisasie verklaar en O.B.-lede opgeroep om hulle eed te breek en uit die O.B. te bedank. Hierdie houding van die partyleier was in ooreenstemming met die selfsugtige en verbrokkelingsgrondslag van die partywese. Dit is opgevolg met verdagmakery en skinderveldtogte op ongekende skaal teen die O.B. **Die O.B.-leier daarenteen het 'n beroep op alle Afrikaners gedoen om hul eed te hou en beslis te weier om in 'n mede-Afrikaner 'n vyand te sien. Hierdie houding was weer volkome in ooreenstemming met die eenheidsgrondslag van die O.B.**

In 1943 het die K.G. 'n skriftelike aanbod gerig aan die leiers van al die nasionaalgesinde parlementêre groepe en gevra dat uit die verkiesing 'n volksfront geskep moet word. As die aanbod aanvaar word het die O.B. beloof om in elke kiesafdeling sy volle gewig in die stryd te werp. **Hierdie aanbod is deur mnr. Havenga en adv. Pirow aanvaar, maar dr. Malan het hom nie eens verwerdig om daarop te antwoord nie, maar van elke H.N.P.-kandidaat geëis om die party se bekende verklaring van vyandskap teen die O.B. te onderteken.**

### HET GESTEM

Ten spyte van hierdie H.N.P.-houding het die O.B.-leiding tog voor die verkiesing sy lede aangeraai om (i) teen die Empire regering te stem, (ii) by voorkeur vir 'n goedgesinde kandidaat te stem, (iii) maar om selfs vir 'n kwaadgesinde kandidaat teen die Empire te stem waar geen goedgesinde is nie.

Hieruit het duidelik die volksbeweging se diepe verantwoordelikheidsbesef en sy volkstrou gestraal en daarteenoor het die kleinlike haat en onverskilligheid van die politieke party skril gekontrasteer.

**Instede dat die O.B. se houding waardering by die H.N.P.-leiding uitgelok het is dit beantwoord met venynige aanvalle en onsmaaklike verdagmaking.**

Op 26 Februarie 1945 het die K.G. weereens namens die Grootraad 'n brief gerig aan al die nasionaalgesinde leiers, waarin hulle uitgenooi word om samesprekings te voer met die doel om 'n gesamentlike volksfront te stig teen gemeenskaplike gevare. Elke organisasie sou 'n samestellende deel van die front wees met behoud van sy identiteit en beginsels. **Dr. D.F. Malan het op 14 Maart hierop geantwoord dat hy die uitnodiging van die hand wys omdat hy nie bereid is om „die O.B. as 'n selfstandige politieke faktor" te erken nie en (ii) omdat hy nie wil deel hê aan die „vernietiging van die parlementarisme" nie.**

### UITSKOPBEVEL

Nog 'n keer is 'n ernstige poging van die O.B. om samewerking tussen Afrikaners te bewerkstellig subiet deur die party-leiding verydel.

Maar hiermee was die H.N.P.-leiding van Kaapland nog nie tevrede nie. **Die berugte uitskopbevel het boonop gevolg. „Vanaf 15 Junie 1945 mag geen party-lid ook lid van die O.B. wees nie," het die uitskopbevel gelui. En voorts: „Diegene in Kaapland wat nog O.B.-lede is se lidmaatskap het outomaties op Vrydag 15 Julie verval."**

**Hierteenoor moet herinner word dat die O.B.-leiding selfs tot vandag toe nog nooit sy lede belet het om aan die H.N.P. of trouens aan enige politieke party te behoort nie.**

Met hierdie uitskopbevel het die Kaaplandse H.N.P. in Junie 1945 die berugte stal wat die party in 1941 begin skoonmaak het finaal opgeruim.

### REëLMATIG

Met 'n reëlmatigheid wat vervelig begin word het het die H.N.P. steeds enige vorm van samewerking met die O.B. verwerp.

In November 1946 het die politieke situasie 'n effense vloeibaarheid begin toon. Mnr. N. C. Havenga het in die openbare lewe teruggekeer op die grondslag van vriendskap met alle nasionaalgesindes en ook met die O.B. Die vriendskaplike gevoel was wederkerig en toe mnr. Havenga in 1947 O.B.-lede uitgenooi het om met behoud van hul non-politieke identiteit by sy party aan te sluit het O.B.-lede gehoor gegee aan sy oproep te meer omdat die Afrikanerparty 'n saamwerkooreenkoms met die H.N.P. gehad het en O.B.-lede gehoop het om deur middel van die A.P. totale volksamewerking te bewerkstellig.

**Die H.N.P.-leiding se antwoord op hierdie saamwerkpoging van die O.B. was om in 1947 op die partykongresse, op voorstel van die hoofleier self, te laat besluit dat die H.N.P. geen kandidaat by die verkiesing sal ondersteun wat O.B.-lid is nie. Die doel van hierdie besluit het duidelik geblyk toe die H.N.P.-leiding geweier het om adv. John Vorster, 'n hoofbestuurslid van die A.P. as A.P.-kandidaat te aanvaar in Brakpan, omdat hy O.B.-lid is.** Hierdie houding is 'n konsekwente voortsetting van die volgehoue beleid van nie-samewerking en vyandskap wat die H.N.P. teen die O.B.-voer — 'n vyandskap wat die H.N.P. tans ook ingedra het in die hoofbestuur van sy bondgenoot, die A.P.

### DIE FEITE

Dit word nou deur die leier van die H.N.P. beweer dat hy nie die „veto-reg" toegeëien of gebruik het ten aansien van A.P. kandidate nie, maar mnr. Havenga self weerspreek dr. Malan. Die name Louis Bootha en John Vorster is voorgelê en hulle is deur die H.N.P.-leiding afgekeur, en na nog 'n poging ten opsigte van Vorster **het mnr. Havenga die setel Brakpan prysgegee, en staan Vorster nou as onafhanklike A.P.-kandidaat.**

**Die Transvaalse H.N.P.-leiding het egter besluit om nie die party se steun toe te sê aan adv. Vorster nie.**

## WAAROOR STRYD GAAN

Dit is die jammerlike verhaal van die H.N.P. — die politieke party — se vyandskap teen die O.B. en terselfdertyd openbaar dit die verbasende vermoë van die O.B. — die Volksbeweging— om tot sewentig maal sewe maal die ander wang te gee. Maar aan alles kom 'n end ook aan die O.B. se geduld.

Dr. Malan se uitnodiging aan O.B.-lede op Porterville om as Afrikaners en nie as O.B.-lede nie te kom stem stel my nie tevrede nie, het genl. Loubscher vervolg. **Hoekom word ek nie as O.B.-lid uitgenooi en my organisasie as bondgenoot aanvaar nie? In Hottentotsholland is O.B.-lede tydens die tussenverkiesing deur die plaaslike H.N.P.-leier uitgenooi om as Suid-Afrikaners te kom stem vir 'n oudgediende matroos van die Empire se vloot.** Ek is O.B.-lid, omdat ek o.a. blank en nasionaal is, en as sodanig behoort ek vanselfsprekend aan 'n verkiesing te kan deelneem wat kwansuis terwille van Blank Suid-Afrika gevoer word.

### DRIE VRAE

Ek is bereid om aan die komende verkiesing en aan enige verkiesing deel te neem mits ek bevestigend op die volgende drie vrae kan antwoord:

1. Kan ek vir 'n kandidaat stem wat 'n vriend van die O.B. is? **As ek in die komende verkiesing vir 'n H.N.P.-kandidaat stem, stem ek vir 'n vyand van die O.B. En ek weier om dit te doen vir dieselfde rede waarom die bok van die oerwoud weier om aan die leeu te gaan ruik.**

2. **Kan ek volksamewerking en Afrikaner-eenheid bewerkstellig deur na die stembus te gaan?** Beslis nee. Die beleid van versoening het ten opsigte van die H.N.P. sewentig maal sewe maal misluk. **Deur vir H.N.P.-kandidate te stem versterk ek die H.N.P.-leiding in hul vyandskap teen die O.B., want elke gebaar van vriendskap wat die O.B. doen vertolk die H.N.P.-leiding as swakheid en elke O.B.-stem wat vir 'n H.N.P.-kandidaat uitgebring word, aanvaar die partyleiding as 'n onderskrywing van die**

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

**H.N.P. se beleid van vyandskap teen die O.B.**

3. **Kan ek my volk dien deur op 26 Mei na die stembus te gaan? Niemand kan sy volk dien deur tweedrag en twis onder daardie volk stilswyend of anders goed te keur nie.** In ons land met sy heterogene bevolking moet die Afrikanervolk volksverkiesings voer: partyverkiesings teen mede-Afrikaners is vir ons volk noodlottig. **Daarby kom nog die feit dat verkiesings nie probleme oplos nie. In 1929 het die Nasionale Party op die Swart Manifes die verkiesing gewen, maar eers in 1936, na samesmelting in 1933, is die naturelle-wette op die wetboek geplaas.**

Die vraag kan tenslotte gestel word, waarom die H.N.P.-leiding nie met die O.B. wil saamwerk nie. **Volgens dr. Malan omdat hy nie die O.B. as 'n selfstandige faktor wil erken nie. Gaan ek dus op 26 Mei vir die H.N.P. stem gee ek toe dat die O.B. nie 'n selfstandige faktor is nie, maar 'n uitstekende aanhangsel van sy aartsvyand. My O.B.-geloof en my oortuiging in die roeping van die O.B. wortel te diep dat ek dit alles sal opoffer vir die twyfelagtige voorreg om op 26 Mei vir die H.N.P. te stem.**

## H.N.P.-Leiding Self Buite Stemming

**Indien die H.N.P.-leiding die verkiesing voer oor „die voortbestaan van blank Suid-Afrika" —soos Die Burger van Maandag weereens beklemtoon in sy beroep op O.B.-steun — dan kan adv. John Vorster tog aanvaar word as 'n kandidaat van „blank Suid-Afrika", want hy onderskryf dr. Malan se manifes. Nogtans weier die H.N.P.-leiding om sy organisatoriese steun in Brakpan aan adv. Vorster te gee omdat hy ook O.B. is (Die Transvaler, 15 April).**

**Die H.N.P., wat vir „blank Suid-Afrika verkiesing voer," weier om in Brakpan amptelik te steun vir die kandidaat van „blank Suid-Afrika" omdat hy O.B. is. Hoe kan hulle dan verwag dat die O.B. op hol moet raak oor die verkiesing wat tegelyk teen die O.B. en vir blank Suid-Afrika gevoer word?**

**As die O.B. se hulp nodig is vir „blank Suid-Afrika", moet die verkiesing net gaan oor blank Suid-Afrika en nie ook teen die O.B. nie. Dit spreek vanself.**

# 600 MYL VER MET VRAGMOTOR NA WORCESTER

**Uit watter hout die manne en vroue in die Ossewabrandwag gesny is, het opnuut weer tydens die verteenwoordigende Gebiedslaertrek te Worcester geblyk. Selfloos, sonder om hul eie gemak in ag te neem, het sestien offisiere en Brandwagte van generaalskappe A17a3 en A17a8 (Wilgenhoutsdrift se wêreld) 589 myl met 'n vragmotor oor verspoelde paaie na Worcester gekom om deel te neem aan die gewigtige besprekings.**

Hierdie groep geesdriftige O.B.'s het reeds op Maandag, 19 April, van Wilgenhoutsdrift af vertrek en was Vrydagaand, 23 April, op Worcester. Hoewel hulle moeg en vol stof was na die dae van ontberings, was hulle vol geesdrif.

Die groep het bestaan uit agt mans, agt vroue en twee lede van die Boerejeug. Hulle is waghkomdt. A. E. Nel, leier van die groep, veldkte. J. Nel; komdte. J. Bruwer; veldkte. A. M. Kriel en J. Kriel; brandwagte M. Boshoff, A. Coetzee, M. Boshoff, en J. Bruwer; Boerejeuglede G. Kriel en W. Nel; asst.-veldkt. H. Herbst, Gekoopteerde lede A. J. Dippenaar en E. Coetzee; asst.-veldkte. E. Faul en asst.-veldkte. J. Lienberg.

Die reis het hulle £35 gekos.

Met sulke manne en vroue kan 'n volksbeweging 'n stryd voer en wen.

# Kommuniste Kom Land Binne

**Die vermoede dat daar van tyd tot tyd Kommuniste as „immigrante" na Suid-Afrika kom en goed gebruik maak van die feit dat die regering die Unie se poorte oopgegooi het vir die goeies sowel as die slegtes, word bevestig deur die Sunday Times in 'n berig oor die mengelmoes staatlose immigrante wat die afgelope paar weke in Durban voet aan wal gesit het.**

Die blad verklaar: **„Verskeie van die vreemde immigrante wat hierdie week in Durban aangekom het met die Italiaanse lynboot, Toscana, het Kommunistiese neiginge, volgens Britse passasiers uit Engeland wat op dieselfde boot was".**

**Die immigrasiebeamptes wat hierdie Pole, Italianers, Grieke, Tsjegge en Joegoslawiërs moes ondervra, het nie die reg gehad om aan hierdie mense die vraag te stel of hulle Kommunisties is nie.**

**Op die boot is Kommunistiese pamflette Vryelik versprei, aldus die passasiers. Daar was ook verskeie hewige argumente** oor die Kommunisme in Italië en die verkiesing, verklaar die blad.

## Laertrek Gebied F

Die Ossewabrandwag van Gebied F hou aanstaande Saterdag, 1 Mei, vanaf 2-uur n.m. 'n sametrekking te Pretoria waar die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, die Offisiere sal toespreek oor die huidige politieke situasie.

# BESLUIT KAN TOEKOMS VERANDER SÊ LEIER

**„Wat hier gesê of besluit mag word, sal van die grootste betekenis wees vir die toekoms van ons volk. Dit sal soos 'n donderslag oor Suid-Afrika weerklink. Ek verkeer onder die diepste besef van die verantwoordelikheid en erns van die tyd en van die beslissing wat hier gevel sal word. As die gevolge van ons besluit goed is, dan dank ons God, en as dit sleg is, dan is dit ons lotsbestemming", het die Gebiedsleier van Wes-Kaapland, dr. F. D. du Toit van Zyl, verlede Saterdag by die opening van die Gebiedslaertrek te Worcester verklaar, waar hy as voorsitter opgetree het.**

Spr. het verwys na die formule van samewerking wat mnr. Havenga en dr. Malan 'n tyd gelede gevind het en na die ondersteuning wat die O.B. aan hierdie front deur middel van die A.P. verleen. Die Ossewabrandwag kan nie anders as om dankbaar te wees vir hierdie samewerking nie. Hy het hom die afgelope jare daarvoor beywer, en by monde van sy leier, dr. Van Rensburg, het die O.B. op Stellenbosch sowel as op die Paarl, hierdie samewerking verwelkom.

Ons was egter almal bewus van die H.N.P.-kongres-besluite waardeur geen lid van die H.N.P. toegelaat sal word om te stem vir 'n kandidaat wat ook lid van die O.B. is nie. **Ter wille van eenheid het ons gehoop dat hulle sal afsien van hierdie houding. Dit het egter anders geblyk, en die H.N.P.-leiding het nie 'n ander houding ingeslaan teenoor A.P.-lede wat ook O.B.-lede is nie.**

### KENTERING

Die weiering van die H.N.P.-leiding om die A.P.-kandidate te Brakpan en Roodepoort, wat ook lede van die O.B. is, te erken, het as gevolg gehad dat daar 'n hele kentering plaasgevind het. „Die O.B. is hierdeur in die posisie van die Kaapse kleurling geplaas, goed genoeg om te stem maar nie goed genoeg om voor te stem nie," het die Gebiedsleier verklaar.

„Ek het u hierheen laat kom om gedagtes met u te wissel en lig en leiding van u te ontvang, en as ons 'n besluit neem, wat dit ookal mag behels, dit eendragtiglik soos een man uit te voer.

„Ons is diep onder die indruk van die erns van die tyd. Ek staan hier met die diepste gevoel van verantwoordelikheid en daar is seker weinig van u hier aanwesig wat nie die knie voor God gebuig het nie voordat u hierheen gekom het en gevra het vir die regte lig en leiding. Dit is my bede dat ons vandag hier lig sal ontvang wat om te doen.

TOESPRAAK A.K.G. BLD. 8

„Wat hier gesê of besluit mag word, is van die uiterste belang en sal soos 'n donderslag oor heel Suid-Afrika weerklink. Dit sal gaan oor die wel en weë van die Afrikanerdom en daar rus die grootste verantwoordelikheid op hierdie laertrek.

### SONDER VREES

„Maar ons moet sonder vrees wees. Ons dien 'n saak wat goed en reg is en durf geen vrees ken vir die gevolge van 'n nugtere besluit wat ons sal neem nie.

**„As die gevolge van ons besluit goed gaan wees, dan dank ons God, en as dit sleg is, dan is dit ons lotsbestemming. Die dreigemente wat spruit uit haat en vrees mag nie maak dat vrees deel is van hierdie dag nie.**

„Ons het sewe jaar lank 'n ongelyke stryd teen alle magte gestry en ons het geweldige knoue gekry. Ons sal die stryd van sewe jaar lank en die manne wat in die kampe en tronke gelê het, sowel as hulle afhanklikes wat moes honger ly, verloën as ons nou vrees. Sal ons, ons kranige leier verloën



Genl. dr. F. du Toit van Zyl

deur te vrees?" het dr. Van Zyl onder oorweldigende toejuiging verklaar.

Die O.B. staan vandag sterker as ooit tevore (toej.) Vir die H.N.P. is dit die felste oomblik. Hulle kan nie meer sonder die Ossewabrandwag verder gaan nie. „Indien ons ooit geglo het wat ons sewe-agt jaar lank bely het, dan staan ons vandag in die posisie dat ons die H.N.P. kan dikteer wat ons wil hê hulle moet doen. Ons het niks om weg te steek nie en ons sal ons besluit aan die volk bekend maak", het die Gebiedsleier onder langdurige toejuiging gesê.

### VERGADERING SELF

**„Ek gaan met opset nie vir u sê wat om te doen of wat my oortuiging is nie. Die leiding moet kom van die vloer van hierdie vergadering. U moet self besluit wat om te doen", het spr. gesê. „Die vergadering is so geskiedkundig as enige in ons geskiedenis. Dit mag gelyk staan aan dié van 'n Danskraal of Paardekraal. Deur hierdie besluit mag daar moontlik 'n ommekeer kom in die volkslewe en ons sal hierdie besluit uitvoer onder die leiding van die hoogste Leier van ons volk. Dit mag ook die einde wees van die partypolitiek in ons land sodat die volk regeer en nie partye nie".** (Toej.).

„Maar laat elke besluit van u gepaard gaan met die grootste erns en verantwoordelikheid, het genl. Van Zyl besluit.

(Berig: G. C. Coetsee, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad.)

## ETE IN SENTRUM

**Die Vroue-kommando van Groote Schuur bedien op 7 Mei, (die eerste Vrydag van elke maand) 'n ete in die O.B.-Vriendskapsentrum op die sesde verdieping van die Groote Kerkgebou. Kom geniet 'n regte Boere-ete en styf die fondse vir 8 Augustus!**

Meer mans rook Springbok as enige ander sigaret!

HIERDIE FEIT IS BEWYS DEUR ONLANGSE UNIE-OPNAMES DEUR ONAFHANKLIKE NAVORSINGSORGANISASIES

U/S.333.

# O.B. Staan Weer Op In Oos-Kaapland

**Dwarsdeur Gebied B (Oos-Kaapland) is offisiere tans ywerig besig om volksgenote, sommige van wie selfs sedert 1941 onaktief is, of wat intussen uit voeling geraak het, weer op te spoor en by die Beweging in te skakel — in groot getalle! Van hierdie brandwagte erken nou dat hulle deur al die jare 'n verdraaide voorstelling van die O.B. voorgehou is en dat hulle nou tot die besef kom dat dit beslis nie die O.B. is wat vir die tragiese verskeurdheid van die Afrikanerdom verantwoordelik gehou moet word nie. In verskeie gevalle is al die agterstallige ledegeld ook betaal, berig genl. P. M. du Plessis, Organiserende stafhoof van Oos-Kaapland.**

Die nuwe organisasiemetode, volgens kleiner eenhede, vind algemene byval en waar dit aan offisiere verduidelik word, verwelkom hulle die idee met groot geesdrif en spring onmiddellik aan die werk — met verrassende resultate! **Nie alleen het die ledetal in die meeste areas waar die selkommando's gestig is, meer as verdubbel nie, maar waar dit toegepas word, veroorsaak die reorganisasie ook lewenskragtige verjonging.**

**„Dit is vir my 'n genoeë om te kan berig dat die Ossewabrandwag oral tekens van 'n kragtige groei openbaar, sodat selfs vooraanstaande persoonlikhede uit V.P.-kringe moes erken: ,Die O.B. is in die afgelope tyd vinnig besig om veld te wen'," skryf genl. Du Plessis.**

### IN FABRIEKE

**In Port Elizabeth, waar daar reeds 'n geruime tyd intensief gereorganiseer word onder leiding van genl. W. Delport, is daar onlangs ook 'n begin gemaak met die stigting van selkommando's in die fabrieke as bolwerk teen die kommunistiese invloed onder die werkers.**

Aangespoor deur die sukses wat verlede jaar met 'n soortgelyke funksie behaal is, het hierdie Generaalskap op 10 April by wyse van 'n baie geslaagde dinee die insameling vir Vryheidsdag afgesluit.

**Die organiserende stafhoof, generaal P. M. du Plessis, onderneem, vergesel van die Gebiedsleier, generaal Botha, en die Hoofvrou, mev. Michau, vanaf 22 April 'n uitgebreide toer deur die hele Gebied en sal op Steynsburg, Barkley-Oos, Oos-Londen, Adelaide, Port Elizabeth, Karreedouw en Aberdeen groot Generaalskap-sametrekkings toespreek.**

## WAARDERING VIR WYLE KOL. LAAS

Die K.G., dr. Hans van Rensburg, skryf as volg na aanleiding van die afsterwe van kol. J. C. C. Laas:—

### KOOS LAAS

Luitenant-kolonel J. C. C. Laas is op 21 April 1948 oorlede op sy plaas in die Vrystaat. Met hom is 'n skilderagtige figuur uit ons midde en die Ossewabrandwag, die Beweging wat deur hom gestig is, wil 'n kransie op sy graf lê.

Sy pad en dié van die Beweging het einde 1940 uitmekaar gegaan, maar dit betaam ons om te dink aan wat hy in die beginjare gedoen en geoffer het.

Grotendeels sy inisiatief en sy rustelose drang was die aanleiding tot die vorming van eenhede op militêre lees in die Ossewatrek van 1938; die begeerte tot soiets was orals; in die lug het dit getrek. Maar Koos Laas was die vonk wat die vlam laat ontstaan het en onder sy onvermoeïde rondreise het die Beweging snel begin koers vat en vorm kry.

In Oktober 1940 het hy sy bedanking ingedien en het die Grootraad vir die Assistent-Kommandt.-generaal van Kaapland, generaal J. A. Smith, in sy plek benoem.

Daarna het kolonel Laas se pad altyd verder en vinniger van dié van die O.B. geskei, en hy het met die Beweging totaal voeling verloor, maar wat ook al die latere posisie mog gewees het, een historiese feit staan vas: hy het die Ossewabrandwag gestig en as die heengegane stigter van 'n Beweging wat tans tien taaie strydjare agter die rug het, eer ons sy nagedagtenis.

Sy asse ruste in vrede!

Hans van Rensburg.

DIE O.B., WOENSDAG, 28 APRIL 1948

# DIE VESTINGS VAN VERBROKKELING VAL

**„Toemaar, moet julle nie steur aan die Ossewabrandwag nie, ons kan maar veg teen hom so hard ons wil, in die verkiesing sal sy lede tog vir ons stem." Op hierdie hoeksteen het dr. D. F. Malan sewe jaar lank sy beleid van volksverbrokkeling gebou.** Keer op keer het hy ten spyte van sy vyandskap teen die O.B. die lede van die organisasie na die stembus gejaag met die pistool voor die kop dat hy hulle anders vriende en ondersteuners van genl. Smuts sal noem. **Sewe jaar lank het hierdie politieke afpersing sy doel bereik, en na elke verkiesing is volksverbrokkeling vir 'n volgende vyf jaar verseker.**

Dr. Hans van Rensburg, leier van die Beweging wat volksverbrokkeling tot doodvyand verklaar het en wat staan op die standpunt dat die bloed in my are, en nie die toevallige partykaartjie nie, bepaal wie my mede-Afrikaner is, het in die sewende jaar van hierdie sinlose broedervervolging tot die besluit gekom dat daar nou 'n finale einde gemaak moet word aan die verbrokkelingsproses wat teen die wil van die meerderheid van die volk voortgesit en aangestook word selfs in verkiesings wat dan sou gaan oor die „voortbestaan van blank Suid-Afrika". **Aan hierdie proses moes vir eenmaal en altyd halt geroep word, of ons volk sal in elk geval ondergaan, soos die huis wat teen homself verdeel is.**

## GEWIGTIGE BESLUIT

In hierdie besef het die Kommandant-generaal, nadat dit duidelik geword het dat geen mooi woorde van steun, soos op die Paarl, en geen waarskuwende vrae soos op Stellenbosch, enige keer kon bring in die feit dat dr. Malan bevegting van die Ossewabrandwag **ook deel van sy verkiesingstaak maak nie**, sy Brandwagte in sy geskiedkundige toespraak te Klerksdorp opgeroep om die finale stryd aan te bind teen volksverbrokkeling. **As dr. Malan bou op die veronderstelling dat O.B.-lede in elk geval maar sal stem vir hul slagter, dan het dit nou tyd geword om aan hom te demonstreer dat die Ossewabrandwag 'n selfstandige faktor is met 'n wil van sy eie, en dat hy in staat is om sy lede van 'n stembus weg te hou waar daar van hulle verwag word om ook vir die vernietiging van hul Beweging te stem.**

Dit was 'n baie gewigtige besluit om te neem in die aangesig van die sterk begeerte van ook die O.B.-lid om van die huidige bewind ontslae te raak; ook gewigtig in die aangesig van die eenheidsdrang van elke O.B.-lid wat ten spyte van klappe en skoppe nog sê: **„Die Afrikaner wat my slaan, staan nader aan my as die vreemdeling wat my nie slaan nie." Maar die Kommandant-generaal het geweet dat hy kon staat maak op die gehoorsaamheid van al sy O.B.-lede wat sewe jaar lank ten spyte van skinderveldtogte wat historiese figure al vernietig het, nog hul vertroue in sy leiding behou het.**

## OORLOG VERKLAAR

Op Klerksdorp het dr. Hans van Rensburg die oorlog aangesê aan die magte van volksverbrokkeling. „Ons sal stem vir 'n bondgenoot, maar ons sal nie stem vir een wat in ons 'n vyand sien nie. Ek vra elke O.B.-lid om van nou af alleen vir daardie kandidate te stem wat hulle openlik disassosieer van die beleid van diskriminasie teen mede-nasionaalgesindes," was die opdrag van die Kommandant-generaal.

**Binne enkele dae het die eerste vesting van volksverbrokkeling geval nieteenstaande die histeriese teenaanval van die Transvaalse mondstok van die H.N.P. wat selfs met skorsing van kandidate gedreig het indien hulle hul van dr. Van Rensburg sou laat „intimideer". Rustenburg is vandag 'n vesting van samewerking danksy die snelle uitvoering van die K.G. se opdrag aan die kant van O.B.-lede daar.**

Selfs die hoofkwartier van verbrokkeling is tot op sy fondamente geskud ná die eerste bom op Klerksdorp. **Dr. Malan het 'n verklaring oor die Ossewabrandwag uitgereik waarin hy alle spore van diskriminasie probeer uitvee, al moet hy dit nou voor die deur van mnr. Havenga uitskud.** Die feit bly nogtans staan dat dr. Malan die brawe besluit van De Aar, waar sonder vrees of oorweging besluit is dat ook **„kandidate wat deur die Party gesteun moet word"** geen band met die O.B. mag hê nie, nou probeer verloën. **Dr. Malan is besig om te retireer van sy dapper standpunt dat „O.B.-lede in elk geval sal gaan stem vir die H.N.P. en dat vrede met hulle onnodig is." Hierdie terugval en wat nog verder hopelik sal volg, sou nie plaasgevind het as dr. Van Rensburg nie die ferme houding op Klerksdorp ingeneem het nie.**

**Die vestings van volksverbrokkeling is besig om te verkrummel voor die beslistheid van die Ossewabrandwag. Uit hierdie ruïnes sal verrys die grotere Afrikanerdom — mits elke O.B. sy leier volg en toon dat hy 'n faktor is met 'n eie wil.**

*Republikanisme (4)*

# ‚STATEBOND' OM VAN EILAND WÊRELDMOONDHEID TE MAAK

**In ons vorige artikels het ons probeer aantoon hoe die Britse imperialiste die toekenning van sogenaamde groter vryheid gebruik het as 'n middel om juis die Britse Ryk te verstewig. Die bedoeling was om die kolonies, waarin daar reaksie teen die Britse bestuur uit Londen kom — tot so 'n mate dat genl. Smuts in Londen daarop moes wys dat die Britte self in opstand daarteen kom — deur 'n gebaar van grootmoedigheid wel wetlik groter regte te gee, maar hulle daardeur juis sielkundig nader aan Brittanje te trek.**

Gepaard hiermee gaan die inburgering van die begrip „Britse Ryk" waarbinne die kolonies dan verhef word tot „soewereine state" „op gelyke voet met Brittanje". **Hulle voel hulle dus nie meer as ondergeskiktes nie, maar as gelykes wat één in doel en strewe is vir die behoud en beskerming van die „Ryk" — iets wat deel van hulself is, in plaas van waarvan hulle 'n deel of 'n aanhangsel is, soos hulle voorheen gemeen het, en wat eintlik die werklike posisie is.**

Vir hierdie „Ryk" moet hulle dan alles veil hê — hul goed en hul bloed, want die Ryk is hulself en sterf dié, dan sterf hulle. **In werklikheid egter bestaan daar nie soiets as 'n „Ryk" met sy eie belange en behoeftes nie. Dit is 'n wanbegrip wat bedoel is om die ondergeskikte gebiede eenvoudig tot onderdanigheid van Brittanje te besiel.** Wanneer hulle meen dat hulle die „Ryk" bevoordeel, dan bevoordeel hulle eintlik **Brittanje** en wanneer hulle meen dat hulle die „Ryk" verdedig, dan verdedig hulle eintlik **Brittanje.** Daarom het 'n Australiese partyleier verlede week hierdie woorde gebruik: **„BRITTANJE is gedoem as 'n wêreldmoondheid indien hy nie gebruik maak van sy onontwikkelde bronne in die Statebond nie,"** en word daar in die Engelse pers openlik erken dat Brittanje alleen nie meer 'n wêreldmoondheid is nie, **hoewel hy met sy Ryk nog een van die drie Grotes uitmaak. Nie die „Ryk" is 'n wêreldmoondheid wat langs Rusland en Amerika sy plek inneem nie, maar BRITTANJE is dit op grond van sy rykdom oor die hele wêreld versprei.**

### VOORBEELDE

Trouens, toe Joseph Chamberlain in 1903 gepraat het van die „vennootskap" met die groeiende kolonies **„sonder wie se sterke regterhande en lojale harte die Ryk nie kan BEHOU WORD nie,"** het hy nie in gedagte gehad dat die „RYK" homself moet behou nie, **maar dat BRITTANJE die Ryk moet behou.** En toe Baldwin in 1936 — nadat hierdie vennootskap reeds werklikheid geword het — in sy pleidooi vir groter vryheid aan Indië, gesê het dat as dit nie gedoen word nie, „U Indië binne twee geslagte sal verloor," het hy nie bedoel dat die RYK as sodanig Indië sal verloor nie, **maar dat BRITTANJE Indië sal verloor — die mense wat uitsluitend op daardie tydstip oor Indië se lot moes beslis.** En toe Churchill in 1946 aan die Britse regering in Londen gesê het: **„Ons laat uit ons hande glip** 'n magtige en wonderlike ryk wat in Indië opgebou is deur die opofferings van 200 jaar," **het hy baie uitdruklik daarmee te kenne gegee dat dit nie die Britse Ryk is wat hierdie verlies ly nie, maar Brittanje wat vir 200 jaar hom met Indie se onderwerping bemoei het, en dat dit „ONS" — d.w.s. die Britse regering — is wat die mag het om te laat glip of te behou.**

### GEEN SEGGENSKAP

Die „RYK" as sodanig het dus geen seggenskap oor die prysgee of behoud van 'n deel van die Ryk nie. **Dit word in die Britse parlement besluit, wat geen gesag oor of namens enige ander dominium het nie. Die „Ryk" is dus die eiendom van Brittanje en nie 'n selfstandige statekombinasie met 'n eie identiteit nie. Dis 'n goëlwoord wat bedoel is om die ondergeskikte gewestes van Brittanje die idee te gee dat hulle nie meer ondergeskik is nie, maar selfstandig en dat wanneer hulle meen hulle die „RYK" bevoordeel, hulle eintlik Brittanje bevoordeel.**

Hoe waar hierdie stelling is, blyk uit die volgende aanhaling van Neville Charmerlain kort voor die tweede Wêreldoorlog: „Ek sou graag u aandag wil bepaal by een treffende kenmerk van die Rykshandel. Van al die dominiums was Suid-Afrika die mees vooruitstrewende. Wat was die uitwerking op ONS (die „RYK" se) handel? Verreweg die grootste uitvoer na enige dominium het na Suid-Afrika gegaan. Dit het vermeerder van £19 miljoen tot £37 miljoen, **en in 1936 was Suid-Afrika inderdaad die beste klant wat ONS in die hele wêreld gehad het."**

### SOOS KOEIE

Waarom het die „Rykshandel" nie die „Ryk" as geheel bevoordeel nie? En waarom was Suid-Afrika nie die beste klant van die „Ryk" nie; of om meer logies te wees, **waarom was enige ander land buite die Britse Ryk nie die beste klant van die Britse Ryk nie? Eenvoudig omdat daar nie so 'n ding is soos die „Britse Ryk" wat in sy eie belang teenoor die res van die wêreld staan nie, maar 'n Brittanje wat 'n Ryk besit wat hom moet bevoordeel, ekonomies en andersins.** Soos 'n man aanteken watter van sy koeie die meeste melk opgebring het, so teken Brittanje aan watter van die „vrye" dominiums in sy kraal die beste opbrengs aan Londen gelewer het. Daarom kan daar in Britse parlemente gepraat word van die „behoud" van Indië deur groter vryheid, en kan na Suid-Afrika verwys word as voorbeeld van hoe Londen sy „Ryk" kan behou deur sielkundige metodes wat bereken is om die ondergeskikte volkere te oorbluf met 'n skyn van waardigheid en selfstandigheid en eie belang.

### TRIOMFKREET

Hierdie beleid van sielkundige onderwerping was so geslaagd dat Neville Chamberlain in 1937 by die herdenking van sy vader se honderdste verjaardag — dieselfde man wat in 1903 die „vennootskap" voorgestel het nadat hy die Boererepublieke militêr onderwerp het — die volgende triomfkreet kon uitbasuin het:

„Hoewel 'n geslag verby is sedert sy aktiewe lewe afgesluit is, is ons vanaand hier vergader om ons vertroue uit te spreek **in die geloof van Rykseenheid en ons beslistheid om dit te handhaaf en dit verder na te streef.** Groot veranderings het plaasgevind sedert my vader sy landgenote beveel het om **imperiaal te dink** en sy groot plan voorgelê het **om die Ryk nader aan mekaar te trek deur middel van Ryksvoorkeur."**

Wat genl. Smuts en ander Afrikanerleiers meen groter vryheid te wees wat Engeland in „grootmoedigheid" geskenk het, en selfs groter is as die vryheid van die Boererepublieke, soos dr. Malan dit gestel het, **is niks anders nie as die toepassing van die imperiale plan wat Joseph Chamberlain in 1903 aangekondig het en wat sy seun 34 jaar later besing as die groot plan wat die Ryk nader aan mekaar getrek het ten bate van Engeland. Dit moes Brittanje ekonomies en militêr sterk maak, van hom 'n „wêreldmoondheid" maak.**

### BRITTANJE SE OORLOG

Daarom kan 'n Britse Minister spog dat Suid-Afrika **Brittanje** se beste klant is, en 'n Britse admiraal Taylor verklaar dat **Brittanje** 'n onbetaalbare dank aan die „groot imperialis" genl. Smuts verskuldig is wat verseker het dat Suid-Afrika nie onsydig in die oorlog gebly het nie. **Hiermee word eerlik erken dat die oorlog Engeland se oorlog was, en terselfdertyd dat Suid-Afrika sy deel bygedra het juis deur die toedoen van genl. Smuts wat tot imperialisme bekeer is deur die skenking van „groter vryheid".**

**Dominiale status het dus verseker dat Brittanje die grootste voorkeur kry op ekonomiese gebied en die grootste ondersteuning in tyd van oorlog.**

**Wat meer begeer 'n moondheid van 'n kolonie?**

### „EILAND"

In die woorde van Churchill aan die einde van verlede jaar:

> **„Ons moet ons beywer vir die vereniging en samesnoering van die Empire, waarsonder die veiligheid van hierdie EILAND nie kan standhou nie, nog sy voorspoed terugkeer."**

Hierdie woorde klink soos 'n eggo oor die kloof van 45 jaar gelede uit die mond van Joseph Chamberlain: „Sonder wie se sterke regterhande en lojale harte die Ryk nie kan behou word nie." **En tog, tussen hierdie jare lê „selfregering", „dominiale status" en die Wet van Westminster wat vir die dominiums mylpale van vryheid is!**

**Is ons dan vry? Die praktyk sê „nee!"**

# Moet Met Vere Van Statebond Pronk

**„Brittanje is gedoem as 'n wêreldmoondheid indien hy nie beter gebruik maak van sy geweldige onontwikkelde bronne in die Statebond nie," het die leier van die Federale Liberale Party in Australië, verlede week verklaar.**

**„Dit is noodsaaklik dat Brittanje sy bevolking dwarsdeur die Statebond versprei", het hy daaraan toegevoeg en veral melding gemaak van Suid-Afrika en Australië.**

# Wie In Dr. Malan Se Sif Deurval

**Mnr. Barry Grobbelaar, „Sweethome", Vryburg, skryf:**

Dr. D. F. Malan het nou verhoogde status gekry. Nooit het ek gedink dat iemand op daardie stadium nog so kan vorder om keurmeester te word nie.

Laat ons nou sien wie dr. Malan goedkeur as goeie Afrikaners: Dit moet iemand wees wat tydens die rebellie in 1914 so vinnig as wat die trein kon loop uit Pretoria na Kapstad gevlug het om daar veilig onder die Union Jack te sit totdat alles weer veilig is; dit moet iemand wees wat saam met die Britse koning geëet het, of die persoon wat aan die speurdiens 'n verklaring afgelê het dat daar 'n rooi lorrie rondry met 'n uitsaaitoestel wat na Duitsland uitsaai; dit moet iemand wees wat vir genl. Smuts gevra het waarom vang hy dan nie hierdie mense nie; of dit moet iemand wees wat „gebonnet" is en op sy sitvlak geregistreer is as verraaier van sy mede-Afrikaner. Daarby kom ook nog die groot skinderbek wat nou die geleentheid het om £1000 te kry as hy 'n „skakel-bewys" vir sy storietjies kan bring.

Slegte Afrikaner in dr. Malan se oë is diegene wat tronke en kampe trotseer het en wat nie vir die galg bang was nie — diegene wat nie dr. Malan „se mense is nie".

Ek het gedink dat die H.N.P. by hierdie verkiesing 'n vereningsbeleid sal volg maar in plaas daarvan is dit maar nog die ou vyandigheid teenoor die O.B.

Dr. Malan kan nie eers vir sy eie party leiding gee nie, hoe wil hy nog die land regeer? Dit sal die einde van die O.B. wees as Malan aan bewind kom.

Ons het almal gedink dat die ooreenkoms tussen dr. Malan en mnr. Havenga tot seën sal strek. Dit sal uitloop op die vernietiging van die O.B. Mnr. Havenga het ons reeds uitgelewer. Ek stap, en baie ander saam met my, uit die Afrikanerparty.

Ek het as O.B. 'n eed geneem om my mede-Afrikaner nie te verraai nie, en ook nie aan die vyand uit te lewer nie. Ons is reeds oorgelewer om gekeur te word ter wille van die ooreenkoms. In kort beteken dit: julle is nie goed genoeg nie, maar goed genoeg om te stem. Ek sê nee, waaragtig nie 'n stem vir een van hulle nie!

## Staatskuld

**Mnr. Esterhuise, Pk. Amsterdam, oor Ermelo, skryf:**

Onlangs het die Verenigde Party hier 'n vergadering gehou en die kandidaat, mnr. H. Prinsloo, 'n bewering gemaak dat die staat geen skuld het nie. U het onlangs in Die O.B. geskryf hoeveel skuld die Unie het. Wat is nou die feite?

(Volgens die jongste verslag van die Ouditeur-generaal het die Unie 'n totale skuld van £783,000,000. Die verslag is in die parlement ter tafel gelê en kan van die Staatsdrukker bestel word. — Red. O.B.)

## Dr. Malan 'n Diktator

**Mnr. P. C. Kruger, Blinkwater, Pk. Stoffberg, skryf:**

Ek wil nie die saak nog slegter maak as wat dit is nie. Maar dit moet darem vir elke denkende mens duidelik wees dat die Malan-leiding ons verder en verder die woestyn gaan inlei.

As 'n man soos adv. Vorster van Brakpan in dr. Malan se organisasie nie pas vir ons volksraad nie, wie anders as 'n Britse imperialis of Kommunis bly daar dan oor wat daar sal pas? Ons het mos geen vierde soort hier nie.

Dit is algemeen bekend dat dr. Malan gedurende die oorlog groot hulp aan genl. Smuts verleen het teen die O.B. en Nuwe Orde. En nou met die verkiesing begin hy alweer dadelik hulp aan Smuts te verleen. As dr. Malan nou die reg het om aan die Afrikanerparty voor te skryf wie sy kandidate moet wees, wat bly daar dan oor van die eie identiteit van die Afrikanerparty?

Soos sake nou staan is die Afrikanerparty ondergeskik aan dr. Malan en Malan is weer ondergeskik aan genl. Smuts — die Afrikanerparty verleen dus hulp aan Malan en Malan aan Smuts.

Verder beweer dr. Malan gedurig dat hy 'n demokraat is en dat sy party 'n demokratiese party is, maar bewys hy dit met sy optrede? As die publiek nou nie eers meer die reg het om 'n kandidaat volgens eie keuse te nomineer nie, wat bly daar dan van die demokrasie oor?

Ek dink dit is hoog tyd dat die publiek meer kennis dra van staatsvorms en ook van die woord ‚diktator' en ook van ‚diktatuur'. Dr. Malan dikteer van die een end na die ander en dan sê hy dat hy nie 'n diktator is nie en geen diktatuur wil hê nie.

Die belangrike vraag is hoe lank sal ons nog toelaat dat ons met woorde mislei word. So lank die mense nie weet wat „diktatuur" en wat „demokrasie" is nie, sal die partypolitici ons nog altyd met woorde mislei. Kan die O.B.-leiding nie 'n plan beraam om die gewone publiek meer op die hoogte te bring met die staatsvorms nie, veral dat mense wat dikteer nie meer, sonder om vals te wees, agter demokrasie kan skuil nie?

## Blad Bly Nog Agt Bladsye

**Die dagbestuur van Voorslag het besluit dat die grootte van Die O.B. voorlopig onveranderd sal bly — d.w.s. die gereelde agt blydsye — tot met die volgende direksievergadering wanneer op die kwessie van hoër drukkoste deeglik ingegaan sal word.**

**Intussen word gehoop dat soveel nuwe intekenare gewerf sal word dat besnoeiings nie nodig sal wees nie. Indien elke O.B.-leser nog een intekenaar werf, sal ons blad eerder groter kan word as kleiner.**

## Soos Ons Lesers Dit Sien

## Vra Samewerking

**Mnr. Joh. Penzhorn, Pk. Kroondal, Rustenburg, skryf:**

Dit spyt my om te hoor van die ontevredenheid en onrustigheid wat onder die Afrikanerparty en O.B.-kiesers, oor die voorval in Brakpan, heers. Ek voel ook baie jammer daaroor. 'n Kandidaat, wat deur die kiesers van die nasionaalgesindes aangewys is, moet nie van bo teen gediskrimineer word nie. Maar adv. Vorster staan nou weer vir die nasionaalgesindes, laat ons dus 'n doek gooi oor wat gebeur het en sorg dat elke man en vrou sy stem uitbring en sorg dat ons 'n ander regering kry.

Afrikaners, ek doen 'n beroep op julle. Veral ook aan die O.B.'s met julle goeie organisasie; laat ons wakker staan en al die nasionaalgesinde kandidate ondersteun. Dis nou ons laaste kans. In 5 jaar, by die volgende verkiesing, sal Jan Hofmeyr met sy Engelse en Joodse immigrante-stemme ons Afrikaners onderploeg. Ek gril as ek daaraan dink dat die Hofmeyrs, Basners, Izaakowitchs, Khomanes, Gandi's en Kie. oor ons kinders sal regeer. Die laaste twee groepe sal dan gou die bobase wees. As ek my klomp vaalhaar kleinkinders sien, dan dink ek met groot sorge aan hulle toekoms. My tyd is verby, maar ek vra Jong Suid-Afrika, doen julle plig. Sorg vir die toekoms van julle en julle kinders deur nasionaal te stem.

## Gaan Beslis Nie Stem

**Mnr. W. S. Burger, Bysteek, Brandvlei skryf:**

Dit is nie my gewoonte om aan koerante te skrywe nie, maar in die eerste plek wil ek baie dankie sê vir daardie vier Afrikaners wat nou weer uit die Empire se tronk losgelaat is, en vir die krag wat hulle van Bo gekry het vir hul daadwerklike standvastigheid om volksgeskiedenis te maak wat sal dien as inspirasie vir die nageslag wat kom.

Ek kan enigsins met hulle voel omdat ek, al was dit maar vir veertien dae daardie vernedering moes ondergaan om saam met kleurling-misdadigers in een tronk opgesluit te word ter wille van my eie geweer wat ek nie wou afgee om my eie bloed en kamerade mee te skiet nie. Daarby was die onteiening van die gewere nog onwettig.

Ek wil ook hulde bring aan Oom Naas wat so daadwerklik optree vir sy broers wat in die moeilikheid beland.

Maar wat het ons groot partyleiers aan hierdie saak gedoen? Niks anders as uitlewer en uitmaak nie.

Nou in verband met die verkiesing. Nieteenstaande die versoek van ons kerkleiers is die verkiesing net mooi tien dae na Pinkster sodat die stemjaery teen Pinkster net op sy ergste sal wees.

Aan my mede-Afrikaners wil ek net graag die volgende vrae stel: Gaan ons stem vir die Smuts-party wat mede-volksgenote in kampe en tronke gedwing het ter wille van Brittanje? En gaan ons stem vir die Malan-party wat sy mede-Afrikaner in die gesig skop as hy

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

agter hom aanloop? In die gesig skop net ter wille van die partylose republiek en staatsidee?

En dan mnr. Havenga. Wel, hy het dit seker goed bedoel, maar die Vorster-saak het ons weer duidelik getoon hoe swak die party-metode is. Mnr. Havenga het geswig ter wille van 'n paar voëls wat hy moontlik in die vlug kan raakskiet.

Wat het die O.B. nou van daardie hele gebaar van samewerking gekry as die stywing van die fondse van daardie party en moontlik 'n paar setels help verkry vir twee lamlendige partytjies?

Nee, ek wil maar vroegtydig terwille van die inligting van my mede-O.B.'s en om die stemjaers die moeite te spaar, konstateer: onder die huidige omstandighede gaan ek beslis nie stem nie — allermins vir iemand wat deur enige partykoukus gebind is. Want net daar word hy blind gemaak vir reg en geregtigheid.

# Verkoping Ten Bate Van Noodhulpfonds

## (KERKPLEIN, PRETORIA)

Te midde van die verkiesingsrumoer lê daar nog nege van ons Kamerade in die Baviaanspoort-gevangenis, wat deur 'n party-bewind om politieke redes aangehou word. Vir hul afhanklikes moet gesorg word.

Daarom is omstreeks 30 siele buitekant die gevangenis nog op die O.B.-Noodhulpfonds se sorg wat lewensbenodigdhede, mediese dienste, assuransies ens. betref, aangewese.

Vir ons gevonnisde Kamerade, steun die poging wat Gebied F aanwend tot stywing van die Noodhulpfonds!

Gebied F hou 'n verkoping ten bate van die Noodhulpfonds op die Pretoriase Kerkplein, op Saterdag, 15 Mei, vanaf 7 vm. tot 1 nm. Om 'n sukses van die

## Nog Nege In Tronk

onderneming te maak moet ons voldoende voorrade in hande kry soos: Ingelegde vrugte, ingelegde groente, vars vrugte, tuisgemaakte lekkernye ens. As u kan help stuur u bydraes aan: P. W. Buys, Sanlamgebou 616, Pretoria, voor of op 14 Mei.

## ‚Partyskappe Bring Ons Nêrens'

**„Party-twiste onder my Afrikanervolk lei steeds tot verdere verbrokkeling van die Afrikanerdom", het wyle genl. J. B. M. Hertzog in 1933 verklaar.**

**„Die Afrikanervolk sal onder die huidige stelsel van partyskap nêrens beland nie. Daarom wil ek deur middel van samesmelting 'n poging aanwend om weereens alle Afrikaners, en diegene wat versoenbaar is, in een kamp te bring".**

## Ons Blad

**„Rotsvas", Eppingtuin, skryf:**

Herhaalde male word daar by die lede daarop aangedring om intekenare te werf vir ons blad, en die laaste treurige nuus aan ons — in 'n blaadjie van 4 bladsye — was dat dit met ons finansieel nie goed gesteld is nie. Ek is 'n lid wat enigiets vir ons saak sal doen solank dit enigsins moontlik is, maar daarby het ek nog altyd baie swak gedoen, om intekenare vir ons blad te werf. Nog altyd het ek gewag daarvoor dat ons blad darem eers 'n bietjie lywiger moet word, en nou die laaste nuus. Laat ons eers ons blad sterk maak. En nou wil ek die volgende voorstel doen.

Ons doen 'n spesiale insameling, en samel 'n paar duisend pond in vir ons pers. Die lede wat glo in ons saak — seker almal — besef seker hoe dit ons saak benadeel as ons pers so swak bly en sal seker goed bydra. Dan nog dit. Waar dit moontlik is moet die blaaie na een lid toe gestuur word, wat so aan 20 lede per week hul blad kan aflewer. So iemand sal seker kan gevind word. Hy vorder dan die twee pennies van elke blad in en betaal dit in by ders wat dit aan die drukkery die Veldkornet of iemand aninbetaal. Ek het uitgevind dat dit makliker is om 2d. per week te betaal as 10/- per jaar. Maar laat ons eers ons blad sterk maak, dit is baie nodig en heeltemal moontlik. Met 'n groter O.B. sal ek na my vyand toe kan stap en dit aan hom verkoop, maar met 4 bladsye sal ek maar sleg vaar.

Wie gaan hierin die voortou neem? Ek sal my deel doen asook my mede-lede hier om my. Sit die lamp onder die maatemmer en dit bly donker, daarom laat ons die waarheid oordra aan andersdenkendes deur 'n sterker pers vir 'n sterker Beweging.


**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.**

(Edms.) Bpk

MÔREMARK (Posbus 7185) Newton





**WEES BESKERM!**

*INBRAAK-Assuransie by—*

**SANTAM**

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke dwarsdeur die Unie.

# H.N.P.-Leiding Het Vorster Geweier Sê Havenga

**Mnr. N. C. Havenga, leier van die Afrikanerparty, het verlede week te Hobhouse erken dat daar beswaar gemaak is van die kant van die H.N.P.-leiding teen die kandidatuur van O.B.-lede en meer in besonder te Brakpan waar die Ossewabrandwag „die sterkste faktor" in die Afrikaanse gemeenskap is.**

Mnr. Havenga het gesê dat dit 'n harde stryd sal wees en elkeen se hulp is nodig. „Ons kan nie bekostig om enigiemand buite te laat nie." Wat hom persoonlik betref was hy nooit lid van die O.B. nie en hy onderskryf ook nie die Beweging se ideologie nie, maar hy het altoos besef dat die O.B.'s net sulke goeie Afrikaners is. Daarom is hulle van die begin af nie verstoot nie, maar in die party verwelkom.

Daar was egter diepgaande verskille met die Herenigde Party en hoewel hy alles in sy vermoë gedoen het om die breuk te heel, kon hy nie daarin slaag nie. Kragtens die Herenigde Party se kongresbesluite het die leiers nie hulle weg oop gesien om hulle lede te vra om te stem vir lede van die Afrikanerparty wat ook lede van die Ossewabrandwag is nie.

Wat Brakpan betref, daar is 'n sterk Afrikaanssprekende gemeenskap en albei partye, is hom te verstaan gegee, was nie te sterk georganiseer nie, **maar die sterkste faktor daar is die Ossewabrandwag.** Wat die sogenaamde veto-reg betref: Hy het die reg gehad om daardie mense te nomineer as Afrikanerparty-kandidate en hy het hulle genomineer. **Dit sou egter dwaas van hom gewees het om te staan daarop dat kandidate vir die Afrikanerparty genomineer word wat nie aanneemlik is vir sy bondgenote nie en hy het hom neergelê by die weiering om hulle te aanvaar as kandidate. Hy het aan dr. Malan gesê dat hy nie bereid was om ter wille daarvan die samewerking te laat skipbreuk ly nie.**

### ONTKEN

**Hy ontken beslis, het mnr. Havenga voorts gesê, dat hy verantwoordelik is vir enige moeilikhede. Soos die posisie staan, is Ossewabrandwaglede wat ook die Afrikanerparty-konstitusie onderteken het, nie aanvaarbaar deur die Herenigde Party as kandidate nie, en gevolglik het hy aan dr. Malan laat weet dat hy op Brakpan nie 'n kandidaat sal stel nie.**

Die Herenigde Party kon dit ook nie doen nie en nou is die oplossing gevind wat hy oorspronklik aan die hand gedoen het, dat mnr. John Vorster staan as onafhanklike Afrikanerparty-kandidaat met die steun van die plaaslike Herenigde Party-lede. Daar is die moeilikhede dus opgelos, maar die kwaad is gedaan in ander kiesafdelings.

### GEPLEIT

**„Ek het van die begin af gepleit met dr. Malan dat dit wenslik is dat al daardie verskille tussen alle nasionaalvoelende groepe vir goed uit die weg geruim word. Laat ons tog nou maar die groot vrede maak, het ek in my brief aan hom geskryf," het mnr. Havenga besluit.**

Toe die benoemings gekom het, het mnr. Havenga gesê, en die praktiese moeilikhede begin opduik, **het hy gewaarsku dat dit beter sou wees om 'n grootse gebaar te maak deur 'n O.B.-lid aan die Rand toe te laat as kandidaat en sodoende die geesdriftige steun van die Beweging te verkry. Spreker is dus nie verantwoordelik vir die moeilikhede nie.**

Mnr. Havenga het 'n beroep op O.B.-lede gedoen om die ooreenkoms na te kom ten spyte van die „veronregting". As hulle nie kans sien om dit te doen nie, moet hulle liewer uit die party bedank, **sodat dit nooit van hom of die A.P. gesê kan word dat hy sy woord gebreek het nie.**

# Op die Spoor van Die Waarheid

● Te Stellenbosch, op 18 Maart, verklaar dr. Van Rensburg dat dr. Malan die kandidatuur van mnre. Louis Bootha en John Vorster in Roodepoort en Brakpan „geveto" het.

● Op Maandag, 22 Maart, ontken dr. Malan die K.G. se bewering en verklaar plegtig dat hy hom „geen vetoreg toegeeien het of dit toegepas het nie". Die O.B. het hierop geantwoord dat dr. Malan blykbaar met die woord „vetoreg" speel.

● Op 23 Maart verklaar mnr. Ben Schoeman, voorsitter van die advies-komitee wat dr. Malan tydens die onderhandelings met mnr. Havenga bygestaan het, dat mnr. Havenga „onderneem het" om geen O.B.-lede as kandidate te stel nie en wel op grond van die „voor die hand liggende" rede: „Hoe kan verwag word dat 'n demokratiese Party **'n kandidaat moet steun** wat die gesagstaatbeginsel huldig en die vernietiging van partye voorstaan?"

● Op 14 April herhaal Die Burger die ontkenning dat „dr. Malan hom 'n vetoreg toegeëien het of dit uitgeoefen het". Op dieselfde dag verklaar Die Volksblad (H.N.P.-orgaan in Bloemfontein) dat dr. Malan „ons verseker" het „dat hy geen vetoreg uitgehou het of ooit gebruik het (nie)".

● Op 15 April kondig Die Transvaler (H.N.P.-orgaan) namens die dagbestuur van die H.N.P. aan dat **„die organisasie van die H.N.P. in Brakpan NIE aan die verkiesing (sal) kan deelneem nie", omdat adv. Vorster die opposisie kandidaat daar is.**

● Op 21 April verklaar mnr. N. C. Havenga te Hobhouse dat „lede van die O.B. wat die grondwet van die Afrikanerparty onderskryf, **as kandidate nie vir die H.N.P. aanneemlik (was) nie"** omdat **„hul leiers nie hul weg oopsien om hul lede te vra om te stem vir kandidate van die Afrikanerparty wat ook lede van die Ossewabrandwag is nie",** en wel op grond van sekere kongresbesluite **(wat o.a. deur dr. Malan persoonlik op De Aar ingedien is.** — Red.)

### ALMISKIE

Ten spyte van hierdie verklaring van mnr. Havenga, wat uitdruklik bevestig dat dr. Van Rensburg reg was, **en ten spyte van die feit dat die H.N.P.-organisasie in Brakpan buite stemming bly,** kom dr. Malan nog en ontken dat hy beswaar teen die kandidatuur van O.B.-lede in die Afrikanerparty gemaak het! **Hy ontken selfs dat sy kongres enige ander kandidaat behalwe sy eie in gedagte gehad het toe besluit is dat „kandidate wat deur die Party ondersteun word" nie lid van die O.B. mag wees nie! En dit ten spyte van adv. C. R. Swart, Vrystaatse leier van die H.N.P., se toespraak voor sy kongres wat lui:**

> **„Die Nasionale Party sal nie stem vir 'n kandidaat wat 'n voorstander van 'n partylose of gesagstaat is nie." (Die Volksblad 22 Oktober 1947).**

Maar dr. D. F. Malan ontken dit alles! Hy diskrimineer nie, dis Havenga!

# DR. MALAN SKUIL NOG AGTER „VETOREG"

**Na aanleiding van die verklaring van mnr. Havenga het dr. Malan 'n verklaring aan die pers uitgereik waarin hy verantwoordelikheid vir die diskriminasie teen O.B.-lede as kandidate ontken deur weereens agter die woord „vetoreg" weg te kruip. Hy verklaar dat die beswaar teen O.B.-lede se toelating binne die H.N.P. berus op die party se verwerping van die „Nasionaal-sosialisme".**

Besprekings oor die kandidaatstelling van O.B.-lede deur die Afrikanerparty „het reeds vroeg plaasgevind". „Dit was vanselfsprekend omdat in die lig van die verlede 'n kandidaat wat nog die Nasionaal-sosialisme aanhang, meer teenstand sou uitlok as 'n ander. Ons wou setels wen, nie verloor nie", lui die verklaring.

„Reeds op 16 Augustus van verlede jaar het mnr. Havenga **ná 'n bespreking onderneem** om geen O.B.-lid as kandidaat in 'n Afrikanerpartysetel te benoem nie. Hy het dit **onder meer** ook gedoen op grond van die feit dat die O.B. self sy lede belet het om kandidaat by 'n volksraadsverkiesing te wees (wat onjuis is. Slegs van **offisiere** is verwag om hul rang neer te lê ten einde hul manskappe ongebonde te laat. — Red.).

„Die uitskakeling van twee O.B.-lede as moontlike kandidate het vanself op die voorgaande gevolg. „Die bewering dat ek vir myself 'n vetoreg voorbehou het of dit uitgeoefen het, is daarom ook onjuis." Aldus dr. Malan.

(Niemand het natuurlik nog beweer — en allermins mnr. Havenga, soos tewens uit sy verklaring blyk — dat dr. Malan 'n „vetoreg" voorbehou of so 'n „reg" uitgeoefen het nie. Al wat gesê word is dat dr. Malan nie **O.B.-lede wou toelaat as kandidate nie** deur o.a. aan mnr. Havenga te sê dat hy nie vir sy mense kan sê om vir hulle te stem nie. **Dit is natuurlik geen „vetoreg" nie, maar 'n blote weiering om te stem, wat in die praktyk wel op 'n veto neerkom en beteken dat mnr. Havenga òf 'n ander kandidaat moet stel òf geen kandidaat stel nie, soos trouens nou in Brakpan gebeur het. — Red.).**

# Dit Moet Nou Geglo Word!

Dr. Malan volhard nog steeds in sy ontkenning dat hy teen O.B.-lede in die Afrikanerparty gediskrimineer het! **Selfs nadat mnr. Havenga in die openbaar verklaar het dat die H.N.P.-leiers nie „hul weg oopgesien het om hul lede te vra om te stem vir kandidate van die Afrikanerparty wat ook lede van die O.B. is nie"!**

Verbeel jou: Van O.B.-lede word verwag om te glo dat nie dr. Malan nie, maar mnr. Havenga teen die O.B. diskrimineer! **Mnr. Havenga wie se kongres openlik 'n mosie van dank aan die Ossewabrandwag aangeneem het vir sy ondersteuning! Hy sou gediskrimineer het!**

**Maar dr. Malan, wie se kongres diskriminasiebesluite teen die O.B. aangeneem het, en wat nou moet probeer beduie dat sommige van sy besluite nie werklik so bedoel was as wat dit daar swart op wit staan nie, dié het nie gediskrimineer nie!**

# Moet Leër Ook Verbrits

Die regering is besig om sleutelposisies in die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag en Lugmag met Britse immigrante te vul. Die tweede groep van hierdie manne wat ingevoer word om die Britse gees ook in hierdie onderdeel van die land te bestendig, het verlede week met die Winchester Castle in Kaapstad aangekom. Hulle is sewe in getal en sal diens in die lugmag aanvaar. Die Vorige groep, wat uit 25 bestaan het, het 'n paar weke gelede aangekom. Altesaam word 400 verwag.

---

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na **Posbus 1411, Kaapstad.**

### GEBOORTE

**PIENAAR.** — Aan Ben en Marie (Grosskopf) 'n lieflingsdogter op 21 deser in die Booth-kraaminrigting. Almal wel.

### HUWELIK

**SCHOEMAN—BRUWER.**—Die huwelik word bekend gemaak van Nena, dogter van dr. en mev. H. J. Bruwer, Malmesbury, met John, seun van mnr. en mev. Jurgens Schoeman, Oudtshoorn, in die N.G. Kerk, Suider-Paarl, op Maandag, 3 Mei 1948, om 6.30 n.m. Adres: Posbus 40, Malmesbury. Resepsie: Stadsaal, Paarl. 28/4/1

### DOODSBERIG

**NEL.** — Die O.B. van Aberdeen is diep geskok deur die heengaan van veldkornette Nel. Die leuse van haar lewe was die van 'n opregte O.B.: vir God, Volk en Vaderland. Vir die O.B. het 'n pilaar geval, maar haar werk sal voortbestaan. Haar raad en woorde was: staan pal. Die **Afrikanerlig** breek weldra aan. 28/4/1B

### BOME, PLANTE EN SAAD

**LUSERNSAAD.** — Vars saad, standaard gehalte. Doddervry. £9 per sak, 203 lb., gelewer Oudtshoornstasie. K.M.B. — **D. S. DU TOIT,** P.K. Armoed, Distrik Oudtshoorn. 14/4/TK

**ERTE. — Goewerments-gesertifiseerd.** Greenfeast goed skoongemaak £6/10/- per sak. Ongesertifiseerd £5 per sak, 200 lbs., V.O.S. Oudtshoorn. — **KARROO SAAD VERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.** 7/4/8

**GOEWERMENTSGESERTIFISEERDE** Donker Detroit Beetsaad 5/-, Chantenay Wortelsaad 7/6, Silver King Uiesaad 8/6 per lb. Posvry. Vra pryslys van **PREMIERS,** P.K. Schoemanshoek **Oudtshoorn.** 21/4/TK

**GROENTESAAD. — Goewerments-gesertifiseerd.**. Detroit en Egiptiese Plat 5/- per lb. Chantenay-Wortel 7/6 per lb. Posvry. Skryf: **KARROO SAAD VERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.** 7/4/8

**ROOSBOOMPIES, WINGERDSTOKKIES, Ens.** vir 1948-planttyd. Skryf om gratis pryslys aan LA MOTTE-KWEKERY, P.K. LA MOTTE. 18/2/TK

### GEMENG

**GRAFSTEENMAKERS.** — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die **S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telefone—5-4420 en 5-02823.

**KLEREMAKERS**: Leer die Kuns van Sny. Persoonlike en Poskursusse kan gevolg word. Getoetste patrone word ook voorsien. Skryf om besonderhede aan: **Snyerskool, Bus 196, Stellenbosch.** 28/4/4

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Carlstraat 574, Pretoria. 3/12/TK.

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### SOUT TE KOOP

**BOERE-PAKKET.** — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

**SOUT** om te lewer uit voorraad op aanvraag van pryse.— S. J. DE BEER, Soutwerke, P.K. FLORISBAD. 24/3/TK

### BESIGHEID TE KOOP

Kruideniers- en klerasiewinkel in O.V.S. goudveld-dorp. Doen dadelik aansoek: Foon 40, **POSBUS 43, HENNENMAN.** 28/4/3

### TE KOOP AANGEBIED

Enige hoeveelheid dag-oud kuikens dadelik verkrygbaar. Australorps £7, Leghorns en Kruis teen £6 per 100. K.B.A. of K.M.B. Waarborg sterk kuikens.

Kuikens word gebroei van henne wat uitgesoek is deur eienaar wat alreeds twintig jaar ondervinding en 'n groot sukses van hoenderboerdery gemaak het. — **H. R. MALAN,** „Weltevrede Pluimveeplaas," P.K. Kerstfontein, **PAARL.** Foon 6203. 14/4/TK

**PATATS.** — Lekker vars patats teen 12/6 per sak. Gelewer my sylyn. K.M.B. Asook weeklikse afsendings. — **P. J. GERBER,** Hoekwil, **George.** 28/4/TK

A.V.B.O.B.
**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**
**Bloemfontein — Pretoria**
**154 Takke**

*Brief Aan My Partyvriend*

# SNAAKSE BEWONER VAN 'N LEKKENDE SOOIHUIS

Geagte Volksgenoot,

Ek merk dat jy met ontsteltenis vervul is oor die jammerlike wending wat die politiek op die oomblik geneem het. Ek stem met jou saam dat dit 'n ongelukkige toestand is, en daarby baie vernederend vir ons volk wat dan blykbaar nie eens in krisistye kan saamstaan nie. Dit spreek vanself dat dit dan ook vir die H.N.P. 'n harde slag is, want die Engelse, wie se stemme dr. Malan so graag wil wen, sal nou redeneer: „Maar as dr. Malan nie eens met sy eie mense in vrede kan lewe nie, hoe kan ek verwag dat hy met die Engelssprekende in vrede sal lewe?" Dr. Malan is blykbaar 'n leier wat nie in staat is om te versamel nie, maar net te verdeel. Daarom staan ek maar liewer by my ou beproefde Veldmaarskalk wat in die oorlog en nou weer in die verkiesing getoon het dat hy met almal saamwerk vir een gemeenskaplike doel."

### HET TOEGEKNYP

Jy vra vir my waarom kan dr. Van Rensburg nie maar die oë toeknyp en dr. Malan steun ten spyte van laasgenoemde se vyandskap nie? Die stryd gaan tog immers oor „die volk se voortbestaan?"

Laat ons nugter wees, my vriend, en die saak so onpartydig as moontlik benader. In die eerste plaas moet ek jou daarop wys dat dr. Van Rensburg wel die oë toegeknyp het toe hy op die Paarl gesê het dat wat die O.B. betref, hy die stryd as afgehandel beskou en met hierdie verkiesing net een vyand sien, en dié is in die Unie-gebou — nie in die H.N.P. of die O.B. nie. Hy het gesê dat deelname aan die verkiesing vir die O.B. moontlik gemaak is deur die optrede van mnr. Havenga wat O.B.-lede sonder enige voorbehoud aanvaar as strydgenote.

### WEIER STEUN

Maar wat gebeur toe? Ek wil nie vir jou sê dr. Malan het O.B.-lede binne die A.P. „geveto" nie, want daar is 'n haarklowery oor die woord „veto" aan die gang, en buitendien is **ontkennings en beskuldigings oor hierdie kwessie reeds verouderd. Die feit is dat die H.N.P.-leiding — en as hoofleier dra dr. Malan verantwoordelikheid daarvoor — aangekondig het dat hy nie sy organisasie se steun aan adv. John Vorster in Brakpan sal gee nie,** omdat Vorster glo aan die O.B.-ideologie van 'n partylose staat.

Verstaan nou goed: Dr. Malan het gesê, en hy het dit verlede week in die Paarl herhaal, dat die verkiesing nie oor 'n republiek gaan nie, d.w.s. **nie oor 'n staatsvorm nie, maar bloot oor „blanke voortbestaan."** Daarom kon dr. Malan dan ook aan kol. Stallard die versekering gee dat hy sy kandidate sal steun in kiesafdelings waar die H.N.P. geen kandidaat stel nie. Dus, **waar dit kol. Sallard se kandidate raak, gaan die verkiesing nie oor die staatsvorm nie, maar oor blank Suid-Afrika. Waar dit adv. Vorster raak, gaan die verkiesing, volgens dr. Malan se hoofbestuur, nie oor blank Suid-Afrika nie, maar wel oor 'n staatsvorm, en weier hy steun op grond daarvan.**

### AANLOKLIKE VOORBEELD

**Nou spreek dit immers vanself dat waar die H.N.P.-leiding self die voorbeeld stel dat hy amptelik buite stemming bly in 'n kiesafdeling waar 'n nasionaalgesinde teen 'n Smutskandidaat staan, hy geen O.B. kan kwalik neem wat in een van die ander kiesafdelings buite stemming bly waar 'n H.N.P. teen 'n Smutskandidaat staan nie. Die O.B., wat nie eens glo aan parlementêre gedoentes nie, kan tog nie groter hartstog vir die verkiesing openbaar as dr. Malan se hoofbestuur wat parlementêre verkiesings verheerlik as „laaste kanse" nie.**

In plaas van iets te doen om die O.B.'s, wat normaalweg weinig belangstel in partyverkiesings, aan te moedig om te gaan deelneem aan iets waaraan hulle nie glo nie, kom dr. Malan nog boonop en stel aan hulle die voorbeeld dat mens wel buite stemming kan bly waar 'n kandidaat nie na jou sin is nie!

### GLO SELF NIE

Maar vir die O.B. is dit meer as 'n aanloklike voorbeeld. **Ons sien ook daarin die feit dat dr. Malan self nie glo dat dit blank Suid-Afrika se „laaste kans" is nie. Want indien hy dit self glo, maak hy hom mos skuldig aan volksmoord wanneer hy met hierdie aaklige werklikheid voor hom, in Brakpan buite stemming bly bloot omdat die nasionale kandidaat 'n sekere staatsvorm vir die blanke beskawing voorstaan — iets wat hy in elk geval nie kan toepas as hy saam met dr. Malan verkies word tot „redding" van die „blanke beskawing" nie, eenvoudig omdat nie hy nie, maar dr. Malan in daardie geval sal regeer.**

Ons neem egter aan dat dr. Malan wel nie so wreed teenoor sy volk en die „blanke beskawing" is om hom te laat ondergaan terwille van een O.B.-gesinde kandidaat nie. **Ons neem dus aan dat die „blanke beskawing" nie deur die verkiesing gered kan word nie, en dat dr. Malan dit weet. Daarom moet niemand nou vir my kom sê ek moet oë toeknyp terwille van „blank Suid-Afrika" nie. Ek en dr. Malan glo dit eenvoudig nie!**

### DIE SOOIHUISIE

Maar voordat ek nou oor ander dinge gesels, wil ek eers vir jou 'n beeldjie skilder van wat die eintlike posisie nou is. Die O.B. glo aan 'n partylose staat en nie aan 'n partystaat nie. Hy sê mens kan nie die groot vraagstukke oplos deur middel van die partystelsel nie. Dit is soos twee broers wat verskil oor watter huis hulle in moet woon. Die een (dr. Malan) sê hy glo aan 'n sooihuis, die ander (die O.B.) sê hy glo nie 'n sooihuis kan swaar reëns keer nie, mens moet liewer 'n baksteenhuis bou. Nou word die sooihuis-broer kwaad, en jaag die ander een by die deur van die sooihuis uit. Die uitgejaagde broer sê nou vir die ander een dat aangesien dit vanselfsprekend is dat daar nie nou onmiddellik 'n baksteenhuis gebou kan word nie, hy nog heeltemal bereid is om binne die sooihuis te woon en dit te help versorg tot tyd en wyl die baksteenhuis gebou is. Maar die sooihuis-broer wil nie die deur oopmaak voordat die ander een eers afstand doen van sy oortuiging dat 'n baksteenhuis beter as 'n sooihuis is nie. En toe kom die reën! Dit het nie lank gereën nie of die dak van die sooihuis begin lek. Die sooihuisbroer word toe benoud en hy skreeu deur die venster vir die ander een om gou te gaan brak haal om op die dak te sit sodat dit kan ophou lek.

### WAT DINK JY?

Nou, in die eerste plaas, wat dink jy van so 'n man wat sy broer vra om te gaan brak haal vir sy huis wat lek, **maar wat nog steeds weier om die deur vir hom oop te maak? Ek herhaal: wat dink jy van so 'n man? Dink jy nie iemand met selfrespek sal, as hy dan nie die deur wil oopmaak nie, dan ten minste nie van sy broer verwag om te gaan brak haal vir 'n huis waarin hy nie toegelaat word nie?**

**Ten tweede: Wat sou jou antwoord gewees het as dit jy was wat aan 'n baksteenhuis glo, as dit jy was vir wie die deur van die lekkende sooihuis toegehou word en wat nou deur die venster aangesê word om te gaan brak haal vir die sooihuis se dak? Ek herhaal: Wat sou jy gedoen het?**

### „FAMILIE VERDRINK"

Maar nog meer van hierdie eienaardige sooihuis-broer: Veronderstel dat die broer daarbuite tog met 'n emmer brak aangeloop kom omdat sy broer vir hom sê sy familie is besig om te verdrink. Sodra hy egter met die brak op die dak wil klim, slaan die sooihuis-broer die leer onder sy voete uit met die woorde: „Ek kan jou nie vertrou op my huis se dak nie, want jy is 'n man wat nie aan sooihuise glo nie!"

Kyk my vriend, wat ek hierbo geskryf het, het werklik gebeur: Dr. Malan het O.B.-lede uitgeskop omdat hulle vir 'n beter stelsel ywer. Maar toe dit begin reën (huidige vraagstukke) het hy die uitgeskopte O.B.-lede aangesê om vir hom te stem, maar sonder gelykwaardige deelname aan die verkiesing. Selfs toe adv. **Vorster deur middel van die Afrikanerparty van BUITE probeer het om 'n gat in die lekkende dak van die partystaat te probeer toestop, het dr. Malan die leer (sy kandidatuur) onder sy voete uitgeslaan. Hy mag Brakpan nie vir die Afrikanerdom wen nie. Dan kan Brakpan maar liewer as 'n lekkende gat bo die kop van die Afrikanerdom oop bly! So sê dr. Malan.**

**Daarom herhaal ek: Wat dink jy van so 'n man?**

# KOL. LAAS OORLEDE

Lt. kol. J. C. C. Laas, die heel eerste kommandant-generaal van die Ossewabrandwag, is verlede week op sy plaas naby Bloemfontein oorlede. Sy begrafnis het Woensdag plaasgevind in Bloemfontein.

Kol. Laas was voorheen offisier in bevel van die Regiment Generaal de Wet. Nadat hy hom van die O.B. onttrek het, het hy hom op boerdery toegelê.

Die ywer wat deur kol. Laas in die stigtingstyd van die Ossewabrandwag geopenbaar is toe hy inderdaad groot offers gebring het vir die ideale van sy volk, sal altyd in dankbare herinnering binne die Ossewabrandwag gehou word.

# Ossewabrandwag Se Tiende Verjaardag

**Die Stafhoof van die Boerejeug, skryf:**

Op 8 Augustus is die Ossewabrandwag tien jaar oud. Om hierdie heuglike gebeurtenis te herdenk is dit die voorneme om spesiale Verjaardagseëls te laat druk en aan lede beskikbaar te stel.

Die ontwerp van die seëls moet egter ook 'n voortbrengsel van die Ossewabrandwag wees en daarom nooi ons lede uit om aan 'n ontwerp-kompetisie deel te neem. Aan die pryswenners loof ons 'n bedrag van **drie ghienies** uit terwyl aan die insender van die **tweede beste ontwerp £1-11-6** betaal sal word.

Die ontwerp moet **(1) 6¾ dm. lank en 5 dm. breed en in een (swart) of twee (swart en rooi) kleure op 'n wit agtergrond geteken wees; (2) tiperend wees van die geskiedenis en voorwaartse beweging van die Ossewabrandwag oor die afgelope 10 jaar; (3) die volgende woorde insluit: Die Ossewabrandwag, Tiende (of 10de) verjaardag, 1938—1948 (indien verkies mag die leuse ook ingevoeg word). Die skets moet duidelik genoeg wees om tot ongeveer 1 vk. duim verklein te word.**

Mededingers mag meer as een ontwerp instuur. Alle ontwerpe wat ontvang word en die gebruiksregte daarvan sal die eiendom van die O.B. word en bly. Die beslissings van die beoordelaars sal finaal wees.

Alle ontwerpe moet **Die Jeugstafhoof, Posbus 1059, Pretoria,** nie later as **19 Mei 1948** bereik nie. Moet nie u naam en adres vergeet nie!

# PARTYE EIS VERDEELDHEID

**Die parlementêre partystelsel is GEGROND op die beginsel van verdeeldheid: dit EIS dat daar minstens twee partye moet wees — 'n regerings- en opposisieparty. Dit eis dus 'n gehalveerde volk, 'n VERDEELDE VOLK. Daarom is VOLKSEENHEID binne hierdie stelsel ONMOONTLIK. Die afgelope weke het dit weer bewys.**

# Wat 'n 'Bietjie Druk' Kan Doen

**Twee jaar gelede het die aartskommunis, Andrei Vishinsky, verklaar dat „net met 'n bietjie druk" op die regte plek in Roemenië, die Kommuniste maklik 90 persent van die stemme op hulle kan verenig.**

**Aan die begin van die maand is die volk van Roemenië stembus toe en met „die bietjie druk" het die Kommuniste 92 persent van die stemme gekry.**

# ‚VERKIESING GAAN NIE OOR REPUBLIEK'

In sy verkiesingsmanifes waarin dr. D. F. Malan sy party se beleid verlede week op die Paarl uiteen gesit het, stel hy as eerste punt dat die aanstaande verkiesing nie oor 'n republiek gaan nie.

Volgens Die Burger van 21 April 1948 lui die manifes as volg: „Met die oog op die misleidende en onware bewerings waartoe die vyandige party-propaganda gedurig sy toevlug neem, is allereers sekere verduidelikings en versekerings noodsaaklik.

**„Die eerste versekering is dat, so ver dit ons betref, die komende verkiesingstryd, nie sal, en ook nie kan, gevoer word oor die strewe na of die stigting van 'n republiek in Suid-Afrika nie".** En dan verder: **„Ons standpunt in verband hiermee sover as dit hierdie verkiesing aangaan, is daarom geen verkiesingstaktiek nie, maar 'n saak van beginsel."**

# Staat Sal Dalk Pryse Verlaag

Indien die handel en nywerheid nie vrywillig hul bydrae wil lewer om die heersende hoë lewenskoste omlaag te dwing nie, sal hul winsgrense besmoontlik van owerheidsweë ingekort word, het die pryskontroleur, mnr. H. V. Ashpole, verlede week in Kaapstad op die kongres van die Afrikaanse Handelsinstituut verklaar.

Die kongres het 'n vrugbare sitting van twee dae in die Hofmeyrsaal gehou en afgevaardigdes oor die lengte en breedte van die Unie was teenwoordig.

Verskeie verhandelings is deur gesaghebbendes gelewer.

# Kamnassie Hou Funksie

**OUDTSHOORN.** — Velktte. Stander van Kamnassie, het aan haar huis 'n klein funksie gereël om fondse in te samel vir Vryheidsdag. Die opkoms was nie groot nie, maar die samewerking was goed die mans en seuns kon jukskei gooi en lootjies uitskiet en almal het 'n gesellige agtermiddag geniet en voor ons uitmekaar gegaan het, het hoofgeneraal Jurgens Schoeman ons 'n woordjie van bemoediging gegee en ons kon met nuwe besieling voortwaats gaan! Die opbrengs saam met 'n lys was altesaam £29 2s. — (Korr.)

# *Slaan Plat!*

**Die O.B.-blad is die enigste medium waardeur die publiek in kennis gestel kan word van die Ossewabrandwag se standpunt en beleid. Slaan plat die mure van boikot wat verhinder dat die publiek weet wat u Beweging en u leier sê! Gee Die O.B. aan u vriende en vra hulle om in te teken!**

# S.A. SEMENT VIR VESTINGS IN NOORD-AFRIKA?

## Duisende Tonne Na Alexandrië Uitgevoer

**Suid-Afrika is besig om, nieteenstaande hy 'n onhoudbare tekort aan sement het wat die boubedrywighede tot 'n slakkegang beperk, groot hoeveelhede sement uit te voer. In die afgelope maande is daar in Kaapstad alleen duisende tonne sement op skepe gelaai. Volgens vragbriewe is die bestemming daarvan Alexandrië, aan die kus van die Middellandse See, terwyl besendings ook na twee ander hawestede aan die Middellandse See verskeep is, na 'n verteenwoordiger van DIE O.B. op die beste gesag verneem.**

Hierdie sement wat in Suid-Afrika vervaardig is en 'n bekende handelsmerk dra, is deur dokwerkers van die Suid-Afrikaanse Spoorweë gehanteer en van die trokke in die ruim van die skepe gelaai — hoofsaaklik Britse skepe.

Hierdie uitvoer van sement is meteens ook die antwoord op die vraag van boubase in Kaapstad en elders waarom sement, nadat dit 'n tyd lank redelik beskikbaar was, skielik so skaars geword het dat hul werk byna tot 'n stilstand gekom het en hulle elke dag moet rondval om seker te maak dat hulle wel genoeg sement in die hande sal kry om met die dag se werk voort te kan gaan.

### „GEBREK AAN TROKKE"

Boubase wat die rede vir hierdie skielike tekort wou weet, is meegedeel dat dit weer die ou storie van gebrek aan trokke en sakke is, **maar toe hulle aangebied het om die sement met hul eie vragmoters by die fabrieke te gaan haal, waar dit dan sou ophoop, is hulle nie toegelaat om dit te doen nie.**

Suid-Afrikaanse sement, nieteenstaande sy hoë gehalte, is van die goedkoopste ter wêreld, na gesaghebbend aan Die O.B. verklaar is. Hierdie goedkoop sement word nou uitgevoer en duur sement ingevoer om die plek daarvan in te neem. **Onlangs het die regering, by monde van min. J. W. Mushet, meegedeel dat pogings aangewend word om sement in te voer, maar dat die prys daarvan „dubbel soveel" is as ons eie produk. Om die tekort aan te vul het die regering tog die afgelope maande hierdie duur sement o.a. vanaf Joego-Slawië ingevoer. Op een enkele dag het daar negeduisend ton met die Britse skip, North Angtia, in Durban aangekom. Dit was reeds die tweede besending uit daardie land.**

### UIT DUITSLAND

Maar ook vanuit Duitsland — deur middel van Rusland — is die regering besig om sement in te voer. In die begin van hierdie jaar het die Suid-Afrikaanse militêre sending namens die Unie-regering 3,500 ton sement van Rusland teen 'n bedrag van £11,000 aangekoop. Hierdie duur sement moet nou die plek inneem van die goedkoop Suid-Afrikaanse produk wat sonder twyfel in die buiteland ten behoewe van Britse belange aangewend word.

Die Unie se sementproduksie is jaarliks 1,200,000 ton, volgens mnr. Mushet onlangs verklaar het. „Dit is verreweg te min vir die land se behoeftes," het hy daaraan toegevoeg.

Maar nieteenstaande hierdie wete, voer die regering nou groot hoeveelhede sement uit.

### REDES

**Hiervoor kan daar net twee redes wees: dit is òf die gewone lojaliteit van die regering teenoor Brittanje om alles in die Britse skoot te werp, maak nie saak hoe dit Suid-Afrika tref nie, òf die sement word volgens 'n onderlinge plan uitgevoer om militêre vestings te bou vir die oorlog wat militêre leiers as nie meer ver beskou nie, en klaarblyklik aan die kuste van Afrika uitgeveg moet word.**

# Waarom O.B. nie kan stem

(Vervolg van bl. 1, kol. 3)

van die Ossewabrandwag, wat sy Afrikanertrou gedurende die oorlogsjare in die aangesig van die Empire se politieke speurders, sy kampe en tronke, bewys het, met vyandskap beantwoord; **solank sal die H.N.P.-leiding se verkiesingspraatjies en manifeste geen indruk op ons maak nie.**

Ons geloof in die waarde van die H.N.P. se verkiesingspraatjies word verder ondermyn deur die betekenisvolle feit dat die H.N.P.-leiding in al die kiesafdelings van die land waar H.N.P.-kandidate staan die kiesers se steun vra, **omdat die H.N.P. die verkiesing sou veg vir die behoud van blank Suid-Afrika; maar in Brakpan, die enigste kiesafdeling in die land waar 'n nasionaalgesinde kandidaat, wat toevallig O.B.-lid is, die stryd vir „blank Suid-Afrika" voer, weier die H.N.P.-leiding sy steun, omdat hierdie kandidaat die beginsels van die Ossewabrandwag onderskryf.**

### ONMOONTLIK

**Waar O.B.-lede dus vir H.N.P.-kandidate stem wat hulle vereenselwig met die amptelike beleid van hul party ten opsigte van die O.B., kies hulle kant teen die Ossewabrandwag. Dit kan nie van O.B.-lede verwag word om te stem vir 'n party wat die vernietiging van die O.B. deel van sy verkiesingstaak maak nie.**

In die diepste besef van sy verantwoordelikheid en die drang by al ons lede tot eenheid en samewerking, is ons van gevoel dat verdere toegewings geen einde kan bring aan die proses van verbrokkeling wat dr. Malan nou al sewe jaar lank planmatig en berekend toepas nie. **Die pad van toegewing is sewe jaar lank deur die Ossewabrandwag gevolg maar dit het geblyk dat ondersteuning deur die Ossewabrandwag van die H.N.P. by verkiesings slegs 'n vyfjaarlikse paaiement ter bestendiging van broedertwis en volksverbrokkeling is, en wel omdat dr. Malan sy verbrokkelingsbeleid juis bou op die veronderstelling dat die O.B.-lede ten spyte van sy vyandskap teen hul organisasie, in elk geval vir hom in verkiesings sal stem.**

### LYDELIKE VERSET

**Daarom het ons besluit om voortaan buite stemming te bly sover dit die H.N.P. betref tot tyd en wyl hy sy vyandskap openlik staak. Dit is geen besluit tot stryd nie, want ons weier om in ons mede-Afrikaner 'n vyand te sien. Dit is eerder 'n besluit tot lydelike verset teen 'n beleid van verbrokkeling wat ons volk onbekwaam maak om die vraagstukke van die dag met verenigde kragte aan te durf.**

PAS VERSKYN

INRIGTINGS-VERSORGING

*deur*

ERIKA THERON

EN ANDER

★

*Prys — 15/-*

★

**„. . . . hierdie versameling referate (sal) spoedig uitverkoop wees, omdat persone wat met twee voete in die inrigtingspraktyk staan, daar kennis en leiding uit sal kan kry. 'n Ryke verskeidenheid stof is met diepte behandel."**

—(Sekretaris van Volkswelsyn in Voorwoord.")

# Kommuniste Verloor, Dog Baie Sterk

**Die Christelike Demokrate onder leiding van De Gasperi, het 'n beslissende oorwinning in die Italiaanse verkiesing behaal deur 12,751,841 stemme te trek teenoor 8,025,990 van die Kommunistiese blok. Eersgenoemde blok verteenwoordig 48.7 persent van die kiesers teenoor 30.7 persent in die geval van die Kommuniste.**

# VOLKSEENHEID MEER AS PARTY-EENHEID SÊ A.K.G.

**„U sal die stelsel in Suid-Afrika eers moet verander as u van volkseenheid wil praat. Niks is meer ongerymd en misplaas as om van volkseenheid binne 'n partystelsel te praat nie. Daar kan geen volkseenheid wees as almal nie erken word as waardige strydgenote nie," het die Adjunk-Kommandant-generaal, genl. J. A. Smith, op Worcester verklaar nadat die laertrek finaal tot 'n besluit gekom het. Genl. Smith wou nie praat voordat alles nie klaar afgehandel was nie.**



Genl. J. A. Smith

Die Ossewabrandwag is nie bang vir sy oortuiging nie. U het 'n baie gewigtige besluit geneem en in hoofsaak is my oortuiging in ooreenstemming met die besluit van die laertrek, het genl. Smith gesê.

Ek is egter geroepe om daarop te wys dat daar vandag herhaaldelik van die verkeerde standpunt uitgegaan is. „Die O.B. het geen ooreenkoms met die A.P. as sodanig nie. Laat dit baie duidelik wees. Die O.B. het hom aan geen party geknoop nie, maar ons het aldeur gesê dat daar publieke funksies is, soos b.v. die stembus, waaraan die O.B.'s kan deelneem. Daarom het ons nooit ons lede belet om lede van die H.N.P. te word nie. So neem ons mense ook deel aan die A.P. Die Afrikanerparty is ons goedgesind."

### STERK BESLUIT

Die laertrek het 'n sterk besluit geneem, het spr. gesê. Ons eis van hulle dat hulle moet ophou baklei en dwing hulle om saam te werk.

**„Dit is misplaas om van volkseenheid binne die partystelsel te praat. As dit so was dan het dr. Malan se party geen reg om genl. Smuts se party te beveg nie. Hoe kan daar werklike volkseenheid wees as daar partye is wat mekaar beveg? As u almal by die H.N.P. sou aansluit sou daar nog nie volkseenheid wees nie. Voordat almal nie saamwerk en erken word nie, kan daar geen volkseenheid bestaan nie."** Soos dit tans aangaan, is dit slegs moontlik om 'n skommeling te veroorsaak.

### NOOIT

„Ek sê hier wat ek al voorheen gesê het: Die Afrikanervolk sal in der ewigheid nooit die oorwinning by 'n partyverkiesing behaal nie. Dr. Malan weet dit en ook genl. Smuts en elke kandidaat weet dit."

Daarom kan dr. Malan nie opkom teen die immigrante nie omdat hy die steun van die Engelse nodig het. Daarom wil hy nie saamwerk met dr. Van Rensburg nie omdat daar 'n klad op dié naam sou rus, en hy bang is dat die regering dr. Van Rensburg sal vervolg. As hy dan met hom sou saamwerk sou hy die stemme van die Engelse wegja. Daar is groter dinge as partye in die lewe van 'n volk.

Dit help nie om die een party vir 'n ander om te ruil nie; nie een kan die vraagstukke oplos nie — alleen vertroebel. **Een party kan die volk nooit regeer nie omdat die samewerking van alle groepe binne die volk daarvoor nodig is.**

**Die lede van die O.B. het nie by die A.P. aangesluit omdat hulle so graag by 'n politieke party aan wou sluit nie, maar omdat hulle in die A.P. 'n brug gesien het om die volkseenheid te herstel en breër eenheid binne die volk te verkry, het die Adjunk-K.G. gesê.**

(Berig deur G. Coetsee, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad.)

# ONAANVAARBAAR

**In 'n poging om te ontken dat die H.N.P.-leiding deur kongresbesluite verplig was om O.B.-lede as kandidate vir die A.P. af te keur, het dr. Malan verklaar dat die woorde „en ook kandidate wat deur die Party gesteun word"** (vervat in die kongresbesluit van De Aar wat aandui wie nie O.B.-lede mag wees nie) net betrekking het op die H.N.P. se eie kandidate en nie dié van die A.P. nie.

**Indien dit so was, sou daar moes gestaan het: „en ook kandidate wat deur die Party GENOMINEER word," want dit spreek vanself dat 'n party sy eie kandidate steun, en dat slegs na kandidate BUITE die party in 'n formele besluit verwys sal word as „kandidate wat deur die party GESTEUN moet word." Ons vrees dus dat dr. Malan die bok erg ooreis het toe hy die horing en kloutjie hier bymekaar probeer bring het.**

**Floue ontkennings sal die toestand nie verbeter nie — ruiterlike erkenning van foute mag wel.**

# RUSSE GEREED VIR OORLOG

Rusland se nywerheidsproduksie is nou so groot soos voor die oorlog, terwyl hy meer militêre toerusting kan produseer as voor die oorlog, volgens 'n verslag van die Amerikaanse Huis van verteenwoordigers se gekose komitee oor buitelandse sake.

Die komitee verklaar dat dit onjuis is om te reken dat Rusland nie sterk genoeg is om groot militêre verrigtinge aan te pak indien dit nodig word nie.

# K.G. Het Gesê

**„Die Ossewabrandwag is sat en klaar met 'n stelsel waar partygekneoi swaarder weeg as die goeie naam van die Afrikanerdom en waar demokratiese getwis en geskinder die eenheid van die volk telkens weer verongeluk het en in die toekoms gaan verongeluk.**

**„Die O.B. is innerlik klaar met die ou wêreld waar vryheid sinoniem is met gledmag, waar die ryk man vry is om ryker te word en die enigste vryheid van die arm man is om nog armer te word." — K.G., 18 Desember 1942 te Ventersdorp.**